



# MATIELAND



U

S



UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY  
jou kennisvennoot • your knowledge partner

Die **US** en verandering/  
Changing with change

Matierugby bly wenrugby

Heart research with Oxford

2:2000

# Travelling with us makes you feel like a global citizen

WATCH & WATCH AGAIN



**DStv**  
EXPAND YOUR VIEW

There's no better place to view the world than to watch it from the finest selection in world-class television. From the best performances in movies. The greatest sporting action from around the world. Infotainment to stimulate the whole family. The ultimate choice in music hits, and the latest in local and international news. DStv is an investment that will expand your view of the world, in the comfort of your home.



DStv is brought to you by MultiChoice. Digital Satellite Decoders are available from your local dealer or MultiChoice agent. For more information call: Gauteng (011) 289 2250, W Cape (021) 508 2250, KwaZulu Natal (031) 710 2250, E Cape (041) 395 2250, Free State (051) 503 2250 or visit our website: [www.multichoice.co.za](http://www.multichoice.co.za). Different subscription rates applicable to commercial establishments. MultiChoice approved installer recommended.

**Voorblad:** Die Universiteit se nuwe logo. Dié nuwe, meer korporatiewe beeld (wat die nuwe slagstreek, Jou Kennisvennoot insluit) is onlangs saam met die US se Strategiese raamwerk vir die eeuwisseling en daarna aan duisende mense landwyd bekend gestel. Lees op bl. 2-9 hoedat "die Stellenbosch wat ons liefhet, wat ons graag wil sien gedy, die Stellenbosch van gehalte... 'n nuwe era, 'n nuwe ekonomiese, 'n nuwe wêreld aangryp."

**Matieland word gratis aan Oudmaties en US-donateurs gestuur.**

**Matieland Advieskomitee:**

Proff Rolf Stumpf (voors.), Walter Claassen, Julian Smith, Piet du Plessis, Johan Groenewald, George Claassen; innre Kobus Visagie, Hans-Peter Bakker, Hans Oosthuizen

**Redakteur:** *Matieland*:  
Hans Oosthuizen

**Uitvoerende redakteur,**  
**US-publikasies:** Hans-Peter Bakker

**Ontwerp & Uitleg:** Alun Davies  
en Cathy Charman

**Kontrak-uitgewer:**

Metupp Publishing, Claremont

**Reproduksie:** Virtual Colour

**Drukker:** CTP

**Verspreiding:** AMA, Kaapstad

**Redaksiekantoor:**

**Posadres:** Redakteur: Matieland, Bemarking & Kommunikasie, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland, 7602

**E-pos:** jcjoost@maties.sun.ac.za

**Tel:** (021) 808-4851/-4632

**Faks:** (021) 808-3800

**Advertensies:**

Johannesburg: Metupp Publishing, Posbus 412193, Craighall 2024

**Tel:** (011) 803-4446

**Faks:** (011) 803-4447

**Sirkulasie/Adreslys:**

**Posadres:** Malena Fourie, Matieland-sirkulasie, Bemarking & Kommunikasie, Privaatsak X1, Matieland, 7602

**E-pos:** mfour@maties.sun.ac.za

**Tel:** (021) 808-4919

**Faks:** (021) 808-3800

**Jaargang 44** 2:2000

**ISSN** 0025-5947



UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH  
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

# Matieland

<http://www.sun.ac.za/local/news/publications.htm>



**Partnership with Oxford – 12**



**Sy wil 'n verskil maak – 18**



**Top literature prize – 24**



**Matierugby bly wenrugby – 31**

## Inhoud/Contents

### Strategiese Raamwerk / Strategic Framework

- 2** Ons moet saam met verandering verander – boodskap deur prof Andreas van Wyk
- 3** We must remain relevant in the global arena – message from Prof Andreas Van Wyk
- 4** Ruimte en vryheid om oplossings te soek
- 4** Dit verbind die US tot verklaarde waardes
- 5** 'Get involved with Your Knowledge Partner'
- 5** Partnerships, the core to the University's success
- 6** Nuwe beeldelike dra 'n toekomsvisie uit
- 7** Ons leuse se wortels strek 2 000 jaar terug
- 8** Kort, verwerkte hoogtepunte uit die Strategiese Raamwerk

### Navorsing/Research

- 10** Soölogie 'n wêrdeleier met haaie en hul toeriste
- 11** Belgiese regering vereer vleisnavorser
- 12** R3 million for heart research with Oxford
- 13** USB werk saam met wêreldgroep
- 15** Knowledge from Chile could enhance local fruit production

### Mense/People

- 18** Sy maak geskiedenis én wil 'n verskil maak
- 19** Die Japanse dominee, sy Afrikaanse vrou en sy liefde vir boeremusiek

### Eerbewyse/High honours

- 24** SA Akademie vereer geleerde en 'n departement
- 24** Zulu wins top literature prize
- 25** Rekenaarbaas kry gesogte medalje
- 25** Gewaskenner ontvang toekenning

### Uitreik/Outreach

- 22** Psychology's Jamestown outreach
- 23** Physiologist selected for international programme

### Die kunste/The arts


- 26** Oudmatie maak drie dekades al naam in Europa
- 27** Jewellery design student a global winner
- 27** US Koor kry Lierotoekenning

### Sport

- 29** US dosent word land se eerste Olimpiese sportsielkundige
- 29** Matieklike volg die mode
- 30** Maroentruie vier 120 jaar van roem
- 31** Matierugby bly wenrugby
- 32** Veteraan kry Comrades se eerste spesiale medalje

### Allerlei/Miscellaneous

- 28** In memoriam
- 25** Verbruikerswetenskap word 75



**Professor  
Andreas  
van Wyk,  
Rektor en  
Visekanselier/  
Rector and  
Vice-Chancellor**

**M**eer as 150 jaar gelede is 'n visie in die harte van die Stellenbosch-gemeenskap gebore, die stigting van 'n gimnasium vir gevorderde onderwys.

In dié vallei van ongekende skoonheid is die Universiteit van Stellenbosch vandag die studieplek vir bykans 22 000 studente uit alle samelewingsvlakke - 'n trotse akademiese instelling wat internasionaal erken word.

Die Universiteit se hoë akademiese standaarde, saam met sy unieke ligging én sy kulturele, sport- en sosiale aanbod, bring mee dat dit die studiekeuse vir baie van ons land se topstudente is.

Die US is meer as net 'n akademiese instelling. Dis 'n omgewing vir persoonlike groei, gebou op drie pilare: eerstens onderrig, wat gegradsueerde lewer om leiers in hul gekose beroepe te wees; tweedens navorsing, wat deur praktiese aanvulling onmisbaar bydra tot die vooruitgang van ons land, en derdens gemeenskapsdiens, wat die Universiteit en alles wat hy doen, onlosmaalklik tot sy breë gemeenskap verbind.

Deesdae is een van die grootste uitdagings hoe om voortdurende verandering betekenisvol te aakkommodeer. Dit kan net gedoen word deur 'n argitek en nie 'n slagoffer van verandering te wees nie.

Die Universiteit het in die afgelope jaar deeglik herbesin oor sy markte, aanbod en omgewing, en hom in alle erns verbind tot 'n oop, breë proses van selfvernuwing en selffondersoek.

Uit dié proses is die US se nuwe visie en strategiese raamwerk vir die toekoms gebore, waarop die kollig in dié uitgawe van Matieland val - 'n raamwerk wat die grondslag bied vir 'n universiteit wat visiegredewe is, wat homself tot duidelike en universele waardes verbind, en wat relevant is in Suid-Afrika en in die wêreld van die 21ste eeu.

# Ons moet saam verandering verander

**D**ie Universiteit van Stellenbosch... staan nie alleen nie. Ons is verbind – in tyd en in ruimte – tot u almal: ons gemeenskap.

Stellenbosch is sinoniem met die dorp en die Universiteit. Dit roep beeld op van 'n instelling van akademiese uitmuntendheid, geleë in 'n plek van ongeëwenaarde natuurlike skoonheid – 'n unieke omgewing vir akademiese en studentelewe.

**'n Uitdaging aan elke personeellid, én die Universiteit se ander belangegroepe, om plante te formuleer en spesifieke doelwitte te stel wat die visie sal laat realiseer**

Stellenbosch het deur sy onderrig en navorsing wêrelwyd hoë aansien in die akademiese gemeenskap verwerf. Die Universiteit is sedert sy ontstaan, meer as 150 jaar gelede, gesog en lok jaar ná jaar die beste studente in die land.

Ons visie en die dringende behoefte om dit te realiseer, is gegrond op nasionale en internationale werklikhede. Werklikhede wat vereis dat ons slaag in ons visie. Ons moet bydra tot Suid-Afrika se verdere ontwikkeling; en ons moet sorg dat ons relevant in die wêrdadarena bly.

### Omvattende opname

'n Ongekende pas van verandering vereis dat ons saam met verandering moet verander. Die Universiteit Stellenbosch het dus 'n omvattende opname gedoen van sy mark, sy aanbod en sy omgewingswerklikhede. 'n Daaropvolgende omvangryke proses, met wye deelname, het gelei tot die aanvaarding van die Strategiese Raamwerk.



# We must remain relevant in the global arena



Ons betree 'n nuwe en opwindende pad wat intern gedryf word, maar afhanglik is van strategiese alliansies, gedeelde hulpbronne en ander vennootskappe. Ons is opgewonde oor die moontlikhede wat ons Strategiese Raamwerk bied, veral die ruimte, die verbintenisse en die ondersteuning wat dit inhoud.

## Institutionele waardes

Die institutionele waardes vervat in die Raamwerk, naamlik billikheid, deelnemendheid, deursigtigheid, diensbaarheid, verdraagsaamheid en onderlinge respek, toewyding, wetenskaplikheid, verantwoordelikheid en akademiese vryheid, sal net deel raak van die etos van die Universiteit indien almal dit as hul eie aanneem en daarvolgens optree. Ons moet mekaar ondersteun en aanmoedig, selfs daarop aandring, dat elke enkele lid van die Universiteitsgemeenskap daarvolgens optree. Die verantwoordelikheid om 'n nuwe organisasiekultuur te skep, lê by ons almal.

Ons Strategiese Raamwerk is nie voorskryfstelk nie. Dit skep die ruimte, terwyl dit ook vir ons – ons personeel en ons vennote – aanspreeklik hou om binne bepaalde riglyne ons visie na te streef.

Die Raamwerk stel 'n uitdaging aan elke enkele personeellid, asook aan die Universiteit se ander belangsgroep, om planne te formuleer en spesifieke doelwitte te stel wat die visie sal laat realiseer.

Ons rig dus hiermee 'n ope uitnodiging aan u – ons personeel, ons Oudmaties, ons vriende in die handel en nywerheid en ons vennote in die hoë onderwys en in die breë samelewing – om die Universiteit Stellenbosch u eerste keuse as vennoot te maak.

**Professor Andreas van Wyk, Rektor en Vicekanselier**

**S**tellenbosch University... does not stand alone. We are inextricably tied – in time and in space – to you all: our community.

Stellenbosch has become synonymous with the town and the University. It conjures up images of an institution of academic excellence located in a place of unsurpassed natural beauty – a unique environment for academic and student life.

Strategic Framework

## A new and exciting path

We are venturing on a new and exciting path, driven from within but reliant on strategic alliances, shared resources and other partnerships. We are excited by the possibilities offered by our Strategic Framework, especially the space, the commitments and the support that it offers.

The institutional values described in the Framework – equity, participation, transparency, readiness to serve, tolerance and mutual respect, dedication, scholarship, responsibility and academic freedom – will only become a part of the ethos of the university if we adopt them fully and act according to them.

We must support and encourage one another, even insist, to ensure that every member of the university community act in accordance with them. The responsibility for creating a new organisational culture lies with us all.

**We are excited by the possibilities offered by our Strategic Framework, especially the space, the commitments and the support that it offers**

Stellenbosch University has attained worldwide recognition for its standards of research and teaching. Since its inception, more than 150 years ago, the university was sought after and year after year continues to attract the country's best students.

## Landscape demands success

Our vision and the urgent need to realise it are based on the national and international landscape in which we operate. A landscape that demands that we succeed in our vision. We must play our part in reconstructing our country; and we must remain relevant in the global arena.

An unprecedented rate of change requires that we too continue changing. Accordingly Stellenbosch University embarked on an extensive assessment of its markets, its offering, and its landscape. A comprehensive participation process followed and led to the adoption of the

## Our Strategic Framework is not prescriptive

It provides the space while at the same time it holds us – our staff and our partners – accountable to strive for our vision within guidelines.

The Framework lays down a challenge to every single one of our staff and other stakeholders to formulate plans and to set specific objectives to turn our vision into reality.

We therefore invite you: our staff, our alumni, our friends in commerce and industry and our partners in higher education to make Stellenbosch University your partner of choice.

**Professor Andreas van Wyk, Rector and Vice-Chancellor**

Die Strategiese Raamwerk bied vir die Universiteit en sy vennote die ruimte om oplossings te soek

# RUIMTE EN VRYHEID OM OPLOSSINGS TE SOEK

**"Ons het self dié pad ontwerp en ons pak dit met oortuiging en geesdrif aan"**

**D**ie Stellenbosch wat ons liefhet, is die Stellenbosch wat ons graag wil sien gedy. Dis die Stellenbosch van gehalte... En dis die Stellenbosch wat 'n nuwe era, 'n nuwe ekonomiese, 'n nuwe wêreld aangryp.

Só het die rektor en visekanselier, prof Andreas van Wyk, gesê toe hy die US se toekomsvisie op 'n nasionale perskonferensie op Lentedag, 1 September, vir die eerste keer bekend gestel het.

Hy en die drie viserektore, prof Walter Claassen, prof Rolf Stumpf en dr Julian Smith, het in die volgende dae op nog tien funksies opgetree, waar die US se Strategiese Raamwerk en sy nuwe korporatiewe beeld aan duisende mense – personeellede, studente en die breë Stellenbosse gemeenskap, asook oral in die land aan regeringslui, Oudmaties en sakeleiers – bekend gestel is.

### 'Ons doelwitte moet ineenvloei met ons land s'n'

"Vir hulle wat glo Stellenbosch wil voorbestaan in 'n enklawe van bewoerding, afgesonder van ons nasionale realiteite, sê ons nee," het Van Wyk gesê. "Ons is 'n Suid-Afrikaanse instelling en niemand weet beter as ons nie dat ons voortgesette uitmuntendheid – ons oorlewing – van ons integrasie met die land se nasionale prioriteit afhang."

Hy het gesê dit beteken die US moet wisselwerking hê met opvoedkundige instellings asook die handel en nywerheid. Die Universiteit moet meer maniere kry om die breër samelewing te bereik. "Ons navorsing en opleiding moet tot hierdie doelwitte bydra. Kortom, ons doelwitte moet ineenvloei met ons land s'n."

"Vir dié wat glo dat Stellenbosch laer trek rondom Afrikaans en die Afrikanerdom, sê ons nee. Ons voertaal is Afrikaans omdat dit die behoeftes van ons mark aanspreek. Ons tradisies is Afrikaans omdat dit ons geskiedenis is. Ons is trots op die Afrikaans van Stellenbosch, maar ons behoort nie net aan Afrikaans nie. Ons behoort aan Suid-Afrika en al sy mense."

Dit beteken dat dit Universiteitsbeleid is om taalvriendelik te wees, dat sy toepassing van die taalbeleid inklusief en buigsaam moet wees, dat die US ondersteuning moet bied aan hulle wat daar wil studeer en nog nie na behoefte die taal magtig is nie, en dat die US na beïe moet kommunikeer in die Wes-Kaap se drie amptelike tale: Afrikaans, isiXhosa en Engels, het Van Wyk gesê.

"Vir dié wat glo dat ons bedrieg word deur dalende standaarde en dat ons onbestuurbaar (ungovernable) gaan word, sê ons ook nee. Ons weet dat stabilitet en hoe standaarde juis een van ons kompetenterende voordele is."

Dit beteken dat die US sal voortgaan met streng – selfs konserwatiewe – finansiële en operasionele bestuur. Die Universiteit verbind hom daarmee onteenseiglik tot wêreldgehalte onderlig en navorsing.

Van Wyk het beklemtoon dat die Universiteit ook beslis nee sê vir

hulle wat glo Stellenbosch wil sy personeel en studente wit hou. Die US skud vinnig die beeld af van 'n instelling waar swart mense onwelkom is. En die US verklaar in duidelike taal sy verbintenis om 'n meer demografies gebalanseerde personeel- en studentekorps te probeer bereik.

Daar is reeds programme ingestel om aktief gekleurde studente te werf. En die US het 'n program van billike indiensneming om te verseker dat die personeelsamestelling vinnig aandag kry.

"Vir hulle wat glo Stellenbosch word skoppend en skreeuend in die 21ste eeu ingesleep, sê ons nee, nee. Ons het self hierdie pad ontwerp en ons pak dit met oortuiging en geesdrif aan."

"Ons Strategiese Raamwerk verteenwoordig ons verbintenis tot dié oogmerke. Dit omskryf waardes waarvoor ons verantwoording moet kan doen. En dit bied die ruimte waarbinne ons – en ons vennote – vry is om oplossings te soek." ■

### **Dit verbind die US tot verklaarde waardes**

**D**ie Strategiese Raamwerk se sukses, en daarvan dié van die Universiteit, gaan afhang van hoe die raamwerk verwesenlik word, het die rektor en visekanselier gesê.

Prof Andreas van Wyk het die US se personeel, studente, oudstudente en die breë gemeenskap uitgenooi om betrokke te raak. "Ons moedig julle aan om eienaarskap te neem. Dit is nie 'n raamwerk alleenlik vir die bestuur nie. Dit is 'n raamwerk wat deur die breë Universiteitsgemeenskap ontwikkel en aanvaar is."

"Ons verwag dus dat dit deur die wye Universiteitsgemeenskap aange neem en verwerdlik sal word. Sy sukses, en daarvan dié van die Universiteit, gaan afhang van die manier waarop veral ons self dit verwesenlik."

Van Wyk het gesê die raamwerk verbind die Universiteitsbestuur tot die verdaarde waardes, waaronder deursigtigheid en deelnemende, doelhelfende besluitneming.

"Dit identifiseer die demografiese regstelling van ons personeel en studentekorps as 'n hoe prioriteit. Op sy beurt beteken dit dat ons voortdurend nuwe programme en mechanismes sal ontwikkel om hierdie doelwitte te bereik."

"Ons het nou 'n raamwerk waarvolgens ontwikkelingsvoorstelle vanaf personeel, studente, ons breë gemeenskap en ander vennote beoordeel sal word. Ons het nou 'n rigtinggewende raamwerk wat moet lei tot praktiese, uitvoerbare planne en doelwitte." ■

**'Die US se voortgesette uitmuntendheid – sy oorlewing – hang af van sy integrasie met die land se nasionale prioriteit'**

UNIVERSITEIT-STELLENBOSCH  
S



"Igniting the passion for excellence that our transforming society needs"

## PARTNERSHIPS, THE CORE TO THE UNIVERSITY'S SUCCESS

**Dedicated to world-class research and education for its global and its African constituent communities**

**S**trategic partnerships have been, and still are, the core to Stellenbosch University's success as one of this country's leading academic institutions.

The University has consistently been the largest beneficiary of financial support from THRIP, the Technology and Human Resources for Industry Program, which provides funding on a shared basis for industry-relevant research – proof that SU is the leader in providing research to satisfy the needs of commerce and industry.

SUNSAT, another pioneering partnership with industry, enabled Stellenbosch University to launch the Southern Hemisphere's first satellite in February 1999.

Other vital partnerships exist between the University's Graduate School of Business and Ashridge Management School in Britain, as well as a number of other management schools worldwide.

The Stellenbosch Business School is at the threshold of an exciting partnership that will further strengthen its leadership position.

Initiatives such as the Department of Mechanical Engineering's Centre for Automotive

Engineering, the 'Nucleus 22-Program for the Hearing Impaired', the Bathuthuzele Care Centre and the BP & Pioneer Food Group's Cricket Development Programme are a few more examples of the many joint ventures between the University and its invaluable partners.

**SU is the leader in providing research to satisfy the needs of commerce and industry**

"Stellenbosch University has the passion and commitment to light the way for our young minds, to lighten the load for those less fortunate than ourselves and to ignite the passion for excellence that our transforming society needs," says rector and vice-chancellor Andreas Van Wyk.

"Through caring and valued investors and joint venture partners, the University of Stellenbosch is able to celebrate its role in society as an institution dedicated to providing world-class research and education for its global and its African constituent communities."

M

**"We are positioning ourselves to be more comfortable with business partners"**

### **'Get involved with Your Knowledge Partner'**

**W**hat does the new positioning, the Strategic Framework, mean to the University's current and future partners in business, government and civil society?

"We are positioning ourselves to be more comfortable with business partners", says rector and vice-chancellor Andreas van Wyk.

"Our Office of Intellectual Property and its spin-off companies protect and commercialise the products of our research – ideal opportunities for joint ven-

tures." The University's decision-making and even its identity (as reflected by the new logo and slogan ("Your Knowledge Partner")) are becoming more corporate and more business-like, said Van Wyk.

"Increasingly we are talking your language and we understand your needs. We will depend less on begging-bowl fundraising strategies and more on strategic partnerships that address the needs of your business. We want you to have tangible benefits from partnerships with us. So, call us or expect a call from us to invite you to get

involved with us as Your Knowledge Partner."

He stressed that SU is positioning itself to be more responsive to the needs of government and civil society. "We can support you in educating and equipping people, your most valued resource, to meet the challenges of developing our country."

"We already have a proud track record of successful partnerships that have benefitted the people of South Africa, trade and industry and, of course, Stellenbosch University."

M

Die Universiteit het die waarde van sy bestaande beeld en handelsmerk deeglik in ag geneem voordat hy die nuwe logo en slagspreuk gekies het

# NUWE BEELDE DRA TOEKOMSVISIE UIT

**... 'n moderner, meer korporatiewe aanslag, maar een wat steeds 'n beeld van statuur en diepte uitdra**

**A**s deel van die inisiatief rondom sy nuwe Strategiese Raamwerk het die Universiteit ook sy beeld en posisionering heroorweeg.

'n Nuwe logo en slagspreuk is gevvolglik ontwikkeld om die kern van die Universiteit se toekomsvisie uit te druk. Daarmee wil die Universiteit 'n fokus skep vir die proses van veranderingsbestuur.

Ons uitdagings duif daarop dat ons 'n moderner, 'n meer korporatiewe aanslag moet hê, maar een wat steeds 'n beeld van statuur en diepte uitdra.

Dit beteken nie dat die Universiteit dit oorweeg om af te sien van sy tradisionele wapenskild nie. Ons trotsleuse: *Pectora roboran cultus recti* – Die regte opvoeding versterk die karakter – en ons statige wapen bly onlosmaaklik deel van die Universiteit Stellenbosch. Dié bestaande wapen en die nuwe logo, slagspreuk en kleure beeld saam ons verbintenis uit tot ons tradisie, sowel as ons strewe na vernuwing.

Ná deeglike inagneming van die waarde van ons bestaande beeld en handelsmerk is die nuwe logo en slagspreuk aanvaar.

Die "S" in ons nuwe logo verwys na Stellenbosch, wat op sy beurt sterk verbintenisse inhoud vir só baie van ons Oudmaties en ander


vennote, verbintenis van skoonheid, stabiliteit, leer, tradisie en pret.

Die akkerblaar is ook sinoniem met Stellenbosch en met sy studentelewe.

**Jou Kennisvennoot -  
Die Universiteit se  
slagspreuk dra kort en  
kratig uit hoe ons ons  
toekomsvisie gaan  
bereik: deur vennoot-  
skappe wat bou op  
ons bewese vermoë as  
ontdekkers en draers  
van kennis**

Maroen en goud is die kleure wat oor jare heen met Stellenbosch geassosieer word en sal, soos in die verlede, steeds gebruik word. Goud sal veral met spesiale geleenthede aangewend word. Die liggrrys is bygevoeg om die rykheid en die diepte van die maroen te balanseer en om die moderner verwagting van ons Visie uit te beeld.

Ons slagspreuk "Jou Kennisvennoot" dra kort en kratig uit hoe ons ons toekomsvisie gaan bereik: deur vennootskappe wat bou op ons bewese vermoë as ontdekkers en draers van kennis.



**V**ir die meeste mense vandag "spreek" Latyn nie "vanself" nie. Om die Latynse wapenspreuk van die Universiteit enigszins te begryp, moet 'n mens dus maar by die klassici gaan kers opsteek.

Díé wat ek gedoen het, en hier is enkele van die wetenswaardighede waarop ek afgekom het.<sup>1</sup>

Die US-wapenspreuk se woorde is nie gewone prosa nie, maar is ontleen aan 'n versreël uit 'n gedig ('n ode) van Horatius (65-8 vC).<sup>2</sup>

Om burgerlike vrede te probeer bestendig wou Augustus, die eerste Romeinse keiser, die letterkunde in diens van die staat gebruik. Hieroor het hy Horatius en Vergilius se beskermheer geword; hulle was sy "hofdigters" (nie noodwendig "ja-broers" of slaafse propagandiste nie).

**Ons voorgangers het,  
minstens by toespe-  
ling, aan 'n universiteit  
in holistiese trant  
gedink as 'n plek vir  
die vorming, verfyning  
en gesonde vervulling  
van die hele mens**

In die gedig waaraan die Universiteit sy leuse ontleen, vestig Horatius die aandag op Augustus se twee stiefseuns, Drusus en Tiberius, en op 'n Nero-voorsaat van hulle.

Drusus het in 15 vC sy staal as jeugdige strateeg getoond in 'n oorwinning oor sekere Alpynse Germane. Die digter vergelyk Drusus met 'n arend wat in 'n vreeslose aanval op slange afdruk, en met 'n jong leeu.

Sy (ouer) broer, Tiberius, sou in 14 v.C. hul stiefspa as keiser – dus, staatshoof – opvolg.

Hul voorvader Gaius Claudius Nero het in

**Die "S" in die nuwe logo wys op Stellenbosch, wat vir baie Oudmaties en ander vennote van die Universiteit sterk beeld van skoonheid, stabiliteit, leer, tradisie en pret inhoud. Die akkerblaar is nog 'n simbool wat sinoniem geword het met Stellenbosch en sy studentelewe.**



Wat beteken die Universiteit se Latynse leuse in werklikheid? **Walter Winckler** het op interessante feite afgekom

# ONS LEUSE SE WORTELS TREK 2 000 JAAR TERUG

**Dis gepas dat die blaarmotief, 'n belofteryke jong eikeblaar van die Eikestad, prominent in die US se nuwe korporatiewe logo verskyn**

207 vC die indringers uit Kartago verslaan voordat hulle tot by Rome kon opruk. In dié veldslag het Hasdrubal, broer van die gedugte veldheer Hannibal, gesneuwel. Hierdie Nero was indertyd een van die twee staatshoofde vir 'n-jaar.<sup>3</sup>

Dié twee militêre triomfe illustreer dus hoe die dapperheid van dapper voorsate in hul nasate na vore kan tree ("Aartjie na sy vaartjie"). Maar, meer as op die rol van genetiese oorerwing, vestig Horatius die aandag op die vormende invloed wat op die twee seuns uitgeoefen is deur Augustus en sy keiserlike huishouding. Die digter beeld dié invloed, veral Augustus s'n, as onmisbaar uit.

Voorts bou Horatius hierdie punt tot 'n algemene insig uit in 'n strofe wat ek benaderd só in prosa vertaal:

■ Maar skoling verhoog die ingebore krag,  
en egte onderrig maak die inbors sterk;  
wanneer ook al die karakter in due stort,  
maak sy gebreke selfs dit wat van nature  
goed is, onwaardig.

Let in die Latynse bewoording op die vetgedrukte deel van die tweede reël – die bron van ons wapenspreuk:

■ **doctrina sed vim promovet insitam,**  
**rectique cultus pectora robortant**  
utcumque defecere mores,  
indecorant bene nata culpae.

Wat die digter veral beklemtoon, kortom, is die insig wat in ons wapenspreuk beliggaam staan. In nie-digterlike Afrikaans gestel: "Die regte opvoeding versterk die karakter."

Ons akademiese voorgangers uit die 19de eeu het in Horatius se Latynse bewoording egter meer bespeur as 'n moraliserende uit-

sprakie.

Die werkwoord "robortant" ('versterk') is gegrond op dieselfde stam as die Latynse naamwoord wat 'eikeboom' beteken, naamlik "robora". Die Romeine het eike geken as bome wat stadig groei en dus in harde, sterk hout ontwikkel. Só het die eik vir hulle 'n simbool geword van fisiese en morele krag – 'n simbool van regskapenheid en standvastigheid. Ons wapenspreuk is dus by toespeling pragtig geskik vir die universiteit van die "Eikestad".

Die toespeling op Stellenbosch as die Eikestad sluit natuurlikerwyse aan by een van die heraldiese motiewe in die Universiteitswapen, naamlik die eiketakkie met twee blare weerskante van 'n akker (altesaam drie afbeeldings).

Die akker as potensiële eik is 'n voor die hand liggende simbool vir die groei/ontwikkeling wat die Universiteit by die individuele student wil help teweeg bring. Dis dan ook gepas dat die blaarmotief, 'n belofteryke jong eikeblaar van die Eikestad, prominent in die US se nuwe korporatiewe logo verskyn.

Dieselfde toespelende inslag as by "robortant" – 'so sterk soos 'n eik maak' – is te bemerk by die naamwoord "cultus".

Dit beteken, konkreet verstaan, 'bewerking van die grond' of 'verbouing'. Ons voorgangers het dus die wapenspreuk goed gekies vir 'n plattelandse dorp in 'n landbou-intensiewe omgewing. Maar "cultus" beteken ook, minder konkreet geneem, 'sorg', 'skoling', 'opvoeding' of 'geestesverruiming'. Vir 'n opvoedkundige inrigting beveel ons voorgangers se keuse van 'n wapenspreuk hom dus vanself aan.

In derde instansie beteken "cultus" ook nog

'verfyning', 'beskawing', 'kultuur'. Ook in hierdie opsig pas ons wapenspreuk uitstekend by 'n universiteit – 'n universiteit is immers ook sentrum van kultuur.

Ten slotte, die naamwoord "pectora" beteken nie maar net 'bors' nie, maar ook 'die geheel van die onsigbare mens – gemoed, gevoel, intellek, persoonlikheid'. Dit doen 'n mens goed om te weet dat ons voorgangers, (ten minste) by toespeling, aan 'n universiteit in holistiese trant gedink het as 'n plek vir die vorming, verfyning en gesonde vervulling van die hele mens.

<sup>1</sup> Baie dankie aan Annemarié Kotzé en Comé Janse van Rensburg, albei van die Departement Antieke Studie, vir hul vriendelikheid en onmisbare hulp. Vir die foute hierbo, as daar is, is hulle uiteraard nie te blameer nie.

<sup>2</sup> Carmina IV 4.

<sup>3</sup> In die ou Romeinse Republiek is elke jaar twee magistratye aangewys wat gesamentlik die hoogste staatsgesag moes uitvoer. Hulle was bekend as "die konsuls".

**Die akker as potensiële eik is 'n voor die hand liggende simbool vir die groei/ontwikkeling wat die Universiteit by die individuele student wil help teweeg bring**



### Mission

To create and sustain, in commitment to the universitarian ideal of excellent scholarly and scientific practice, an environment in which knowledge can be discovered; can be shared; and can be applied to the benefit of the community.

### Vision

In a spirit of academic freedom and of the universal quest for truth and knowledge, the University as an academic institution sets itself the aim, through critical and rational thought,

- of pursuing excellence and remaining at the forefront of its chosen focal areas;
- of gaining national and international standing by means of
  - its research outputs; and
  - its production of graduates who are sought-after for their well-roundedness and for their creative, critical thinking;
- of being relevant to the needs of the community, taking into consideration the needs of South Africa in particular and of Africa and the world in general; and
- of being enterprising, innovative and self-renewing.

### Commitments

The University acknowledges its historical ties with the people from whom and communities from which it arose.

- With a view to the future, the University commits itself to apply its capacities, expertise and resources to the benefit of the broad South African community; and
- Therefore the University commits itself to be language-friendly, with Afrikaans as a point of departure.

### Values

Equity, Participation, Transparency, Readiness to serve, Tolerance and mutual respect, Dedication, Scholarship, Responsibility, Academic Freedom

# KORT, VERWERKTE HOOGTEP

# DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH - 'RAAMWERK VIR D EN DAARNA\*

**D**íe raamwerk bied 'n basis vir 'n universiteit wat-

- visiegredwe is;
- hom tot aanvaarbare waardes verbind;
- relevant is in Suid-Afrika en in die wêreld van die een en twintigste eeu;
- sy kernprosesse, strukture, infrastruktuur en institusionele kultuur wil herontwerp.

### Kernprosesse: 'n toekomstvisie vir navorsing, onderrig en leer, en gemeenskapsdiens

- om 'n sterk navorsingsgeoriënteerde universiteit te word wat gesog is vir die kweek van navorsers en wat as wêreldleier erken word in navorsing op gekose nisgebiede;
- 'n universiteit wat gekenmerk word deur onderrig van gehalte, die voortdurende vernuwing van onderrig- en leerprogramme en die skepping van effektiewe leergeleenthede/studiegeleenthede.
- 'n universiteit wat gekenmerk word deur 'n lewendige wisselwerking tussen instelling en gemeenskap (die handel, die nywerheid, potensiële werkgewers en benadeelde groepe) tot albei se voordeel.

### Akademiese fokus

Om in sy kernprosesse te slaag moet die Universiteit sy akademiese fokus behou. Dié fokus sal volgens die volgende kriteria bepaal word:

- die mate waarin die betrokke akademiese rigting sterk staan aan die Universiteit, danksy navorsing en gevorderde kundigheid;
- of die betrokke rigting voorsien in interna-

sionale, lands- en besondere streeksbehoeftes;

- internasionale tendense;
- die aanvraag by studente; en
- finansiële haalbaarheid en koste-doeltreffendheid.

### Toeganklikheid

As deel van sy aansprek van die ongeregtighede van die verlede verbind die Universiteit Stellenbosch hom tot gepaste regstellings- en ontwikkelingsinisiatiwe om die Universiteit vir alle mense toeganklik te maak.

Die Universiteit erken die rol wat institutionele kultuur by toeganklikheid speel. Hy verbind hom dus tot deurlopende en kritiese evaluering van sy kultuur en van die implikasies van dié kultuur vir toeganklikheid.

Die Universiteit Stellenbosch sien sy verbintenis om billikheid te verwesenlik, én om diensbaar te wees, as vernaam weg in die poging om ongeregtighede in ons samelewing reg te stel.

In dié verbintenis moet die Universiteit sy bestaande akademiese hulpprogramme uitbrei om akademiese agterstande, vanweë historiese benadering, aan te pak.

Die Universiteit Stellenbosch gee aan regstelling momentum deur 'n proaktiewe benadering om sy studente- en personeelkorps demografies meer gebalanseerd te maak. Aktiewe studentewerwing by skole van onderwysbenadeelde gemeenskappe geniet dus voorkeur.

### Taal

Die Universiteit Stellenbosch is 'n taalvriendelike universiteit, met 'n responsiewe en

# UNTE UIT:

# VAN N STRATEGIESE IE EEUWISSELING

soepel benadering tot taal van onderrig met Afrikaans as vertrekpunt. Dit impliseer dat Afrikaans die primêre onderrigtaal is, maar terselfdertyd moet enigiemand wat oor die nodige intellektuele vermoëns beskik en wat voornemens is om aan die Universiteit te studeer of te werk, binne redelik perke in staat gestel word om dit te doen.

## Menslike hulpbronne

Die Universiteit kan nie strategies slaag sonder 'n personeelkorps wat visiegerig, gemotiveer en bekwaam is nie. Dit vereis dat die Universiteit erns moet maak met -

- die nastreef van verantwoordelike bestuur en beheer wat oorlegpleging, samewerking, deelname en deursigtigheid insluit;
- 'n menslike hulpbronstrategie wat die demografiese samestelling van die personeelkorps aanspreek;
- 'n menslike hulpbronstrategie wat individue en die Universiteit se belangte integreer;
- die Universiteit as 'n gemeenskap van personeel en studente as vennote in die soek na kennis; en
- die bevordering van deelname deur personeel en studente aan bestuur en beheer, gemeenskapsdiens, sport en ontspanning.

## Ander hoogtepunte

- Die Universiteit Stellenbosch verbind hom tot 'n oop, breë proses van selfondersoek en selfvernuwing.
- Die Universiteit kies geleidelike, volhoubare groei as 'n algemene vertrekpunt.
- In die ontwikkeling van die grond en sy fisiese infrastruktuur, verbind die Universiteit hom tot sistematiese beplanning en oorlegplegende besluitneming, met

inagneming van die behoeftes van die gemeenskappe, asook die behoud van die omgewings- en kultuurferenis.

Die Universiteit verbind hom daar toe om mechanismes te ontwikkel en te implementeer wat daarop gemik is om te verseker dat gehalte en prestasie gehandhaaf en verbeter sal word.

## Missie

*Om in verbondenheid aan die universitaire ideaal van uitmuntende wetenskapbeoefening 'n omgewing te skep en vol te hou waarbinne kennis ontdek kan word; gedeel kan word; en tot voordeel van die gemeenskap aangewend kan word.*

## Visie

*In 'n gees van akademiese vryheid en van die universele soek na waarheid en kennis, stel die Universiteit as 'n akademiese instelling hom ten doel om deur kritiese en rasionele denke -*

- *uitmuntendheid na te streef en op die voorpunt te bly in sy gekose fokusareas;*
- *nasionale en internasionale aansien te verwerv op grond van -*
  - *sy navorsingsuitsette; en*
  - *die lewering van afgestudeerde wat gesog is op grond van hul afgerondheid en kreatiewe, kritiese denke;*
- *relevant te wees vir die gemeenskap se behoeftes, met inagneming van die behoeftes van Suid-Afrika in die besonder en Afrika en die wêrelid in die algemeen; en*
- *ondernemend, innoverend en selfvernuwend te wees.*

## Verbintenis

*Die Universiteit erken sy historiese verbondenheid aan die mense en gemeenskappe waaruit hy ontstaan het.*

- *Die Universiteit verbind hom met die oog op die toekoms om sy vermoëns, kundigheid en bronne aan te wend tot voordeel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap in die breë; en*
- *daarom verbind die Universiteit hom om taalvriendelik te wees, met Afrikaans as vertrekpunt.*

## Waardes

*Billikheid, Deelnemendheid, Deursigtigheid, Diensbaarheid, Verdraagsaamheid en onderlinge respek, Toewyding, Wetenskaplikheid, Verantwoordelikheid, Akademiese vryheid*

\* **Die volledige weergawe van Die Universiteit van Stellenbosch - 'n Strategiese Raamwerk vir die eeuwisseling en daarna is beskikbaar op [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za); of vra 'n gedrukte eksemplaar aan by tel (021) 808 3825, faks (021) 808 3800, of e-pos: [jmvdm@maties.sun.ac.za](mailto:jmvdm@maties.sun.ac.za)**

\* **The full version of The University of Stellenbosch - A Strategic Framework for the turn of the century and beyond is available at [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za); requests for a printed version at tel (021) 808 3825, fax (021) 808 3800, or e-mail: [jmvdm@maties.sun.ac.za](mailto:jmvdm@maties.sun.ac.za)**

Haaiduiktoere word al gewilder. Maar daar is ook nasionale en internasionale kommer oor die invloed wat dit op die omgewing kan hê

# SOÖLOGIE 'N WÊRELDLEIER MET HAAIE EN HUL TOERISTE



**Shireen Adams vertel van die Departement Soölogie se haainavorsingsprojek, wat R240 000 van die internasionale fonds vir dierebeskerming gekry het**

In 'n wêreldwye eerste vir haainavorsing help die Departement Soölogie data insamel om haaiduiktoere se invloed op witdoodhaiae en hul omgewing vas te stel.

Dit word gedoen met radiosenders wat by Dyer-eiland naby Gansbaai aan 'n sestal van dié haaie se dorsale vinne gesit is.

Soortgelyke senders is nog net in Australië aan een of twee witdoodhaiae geheg. 'n Ander tegniek is egter daar gebruik.

Danksy R240 000 wat IFAW, die internasionale fonds vir dierebeskerming, geskenk het, kon die departement vir sy haainavorsingsprojek unieke senders en 'n datalogger ontvangstoestel koop. Die projek is twee en 'n half jaar gelede aangepak – saam met Seevisserye se afdeling Mariene en Kusbestuur.

Die projekleier, Deon Sadie van die Departement Soölogie, sehaaiduiktoere het in die afgelope dekade met rasse skrede gegroei.

"Dit is 'n baie winsgewende bedryf en ook baie gewild by veral oorsese toeriste. Die sowat agt aktiewe operateurs hanteer elkeen sowat 50 tot 100 togte/toere/uitstappies per jaar en tussen 240 000 en 300 000 buitelandse toeriste word jaarliks op bote uitgeneem om die haaie uit die bote of uit haaihokke van nabij te sien."

### Werkskepping

"Dié bedryf het die afgelope paar jaar 'n ongekende groei in die plaaslike ekonomiese van Gansbaai teweeg gebring weens werkskepping en die oorsese toeriste wat in die visvangbedryf se buiteseisoen na die gebied strooi."

"Daar is egter ook nasionale en internasionale kommer dat die toename in haaiduiktoere 'n wesentlike negatiewe effek op die omgewing kan hê. Dié vrees het geleid tot 'n versoek van een van

**By Gansbaai word tot 300 000 buitelandse toeriste jaarliks op see uitgeneem om die haaie uit bote of haaihokke van nabij te sien**

die haaiduikoperateurs vir die impakstudie en die navorsing. Die meeste operateurs gee goeie samewerking en speel 'n positiewe rol in die navorsingsprojek," sê Sadie.

Die impakstudie het al baie inligting opgelewer oor die haaibedryf én die haaie se gedrag. "Met dié skenking kan ons nou senders gebruik om inligting oor die haaie se langtermyn temperatuur- en dieptevoorseure in te win," sê Sadie. "Die ontvangstoestel is op die seebodem geplaas en word elke maand uitgeduijk sodat die inligting afgelaai kan word."

Die senders is vas aan 'n unieke, dun metaalpennetjie wat aan die

### **Die impakstudie het al baie inligting opgelewer oor die haaibedryf én die haaie se gedrag**

haiae geheg is nadat hulle met aas tot langs 'n boot gelok is. "Die haaie word glad nie gehanteer nie. Elke sendertjie word aan die kraakbeen van 'n haai se dorsale vin geheg."

M

**Van links af:** 'n witdoodhaai word met aas tot naby die boot gelok, en sonder dat die haai gehanteer word, word 'n sendertjie met 'n dun metaalpennetjie aan die kraakbeen van die haai se dorsale vin geheg.



### **Belgiese regering vereer vleisnavorser**

**D**r Vlok Ferreira van die Departement Veekundige Wetenskappe het 'n toekenning van die Belgiese regering gekry vir sy unieke navorsing tot voordeel van Afrika.

Hy is die enigste uit die SADEC (South African Development Community) lande wat nog so 'n prys gekry het. Dié navorsing was vir sy doktorsgraad, wat die Universiteit van die Vrystaat in 1998 aan hom toegeken het.

Die Belgiese regering het in 1998 aan sy Koninklijk Museum Voor Midden-Afrika in Tervuren begin om voortreflike navorsing uit Afrika te beloon met die doel om by te dra tot die oplossing van Afrika se sosiale, hongersnood- en talle ander probleme.

Sewe navorsers uit Afrika het toekennings

ontvang. Ferreira was die enigste Suid-Afrikaanse pryswenner. Hy het sowat R15 000 (100 000 Belgiese frank) op die prysuitdelingsplegtigheid ontvang.

Sy navorsing op die Suid-Afrikaanse vleismerinoskaap het geleid tot 'n doeltreffender produksie van vleis (proteïene).

'n Akkurater manier om rantsoene te formuleer, wat nooit voorheen vir herkouers gebruik is nie, is ontwikkel deur van die dier se spesifieke aminosuurbehoeftes gebruik te maak. Aanvullende proteïene wat by lammers se kos gevoeg is, het hulle baie vinniger laat groei.

M

**Regs:** **Vlok Ferreira, met sy toekenning uit België.**



It's the most common reason why young athletes suddenly die – often on the sports field

# R1,3 MILLION FOR HEART RESEARCH WITH OXFORD

**The disease causes a thickening of the heart muscle, eventually clogging the heart chambers**

**R**esearch teams of the universities of Stellenbosch and Oxford are sharing a R1,3 million collaborative research initiative grant to study an inherited heart muscle disease.

The funds, from the Wellcome Trust, are directed to the Stellenbosch group for costs involved in the project.

The Stellenbosch research team includes doctors Valerie Corfield and Hanlie Moolman-Smook of the Department of Medical Biochemistry, a PhD student, Toy de Lange of the same department, and Prof Paul Brink of the Department of Internal Medicine, who is involved in clinical studies of this heart muscle disease, Hypertrophic cardiomyopathy. Prof Hugh Watkins heads the Oxford team.

A thickening of the heart muscle that finally occludes the chambers of the heart characterises the disease. It is the most common cause of sudden death among young athletes, often causing them to die on the sports field.

While the disease is most commonly inherited, it can also arise as a result of spontaneous mutations, which are then passed on to following generations. It affects one out of every 500 people in a population.

**If patients are diagnosed young, medication is available, and surgery if the symptoms are bad**

Corfield says doctors are often not aware of the genetic nature of the disease. "We would like to encourage doctors to take note that sudden death in active, young people, as well as symptoms such as fainting and shortness of breath, could well be the result of Hypertrophic cardiomyopathy and should be investigated."

"Although there is no way to prevent the disease, some patients could be fitted with a transplantable defibrillator. If patients are diagnosed young, there is some medication available, as well as surgery if the disease is badly symptomatic".

The Stellenbosch team will study the underlying molecular causes of the disease, especially a heart muscle protein that is functioning incorrectly. If they can determine the cause of the protein dysfunction, new drug treatments could be devised.

Members of the Stellenbosch team have been studying the disease for a number of years and started collaborating with Watkins in 1995. Since then Moolman-Smook has spent five months working in his laboratory at Oxford and the two teams have jointly published their research findings.

The aim of the grant is to encourage collaboration. It also provides for regular visits between the two groups, as well as other expenses. ■

■ For further info contact  
Dr Corfield, tel. 021 938 9405,  
e-mail vcl@gerga.sun.ac.za

**The disease is mostly inherited, but can be caused by spontaneous mutations and then passed on to following generations**



**Corfield (left) and Hanlie Moolman-Smook: Co-operative research with Oxford university on the underlying causes of an inherited heart muscle disease.**

Die leierskapsuitdagings vir sakeondernemings in die Nuwe Ekonomie, veral in Suid-Afrika en ontwikkelende lande, word nagevors

# USB WERK SAAM MET WÉRELDGROEP

**In ooreenstemming met sy nuwe strategie erken die Bestuurskool die behoefte om meer kliëntgerig te wees en om sy wêreldimensie uit te brei**

**D**ie Bestuurskool (USB) het 'n navorsingsooreenkoms gesluit met Arthur Andersen South Africa, wat toegang het tot wêreldklasvaardighede in versekering, belasting, konsultasie en korporatiewe finansies.

Arthur Andersen SA doen nou saam met die USB navorsing oor die leierskapsuitdagings vir sakeondernemings in die Nuwe Ekonomie, veral in Suid-Afrika en ontwikkelende lande.

Christo Nel, 'n vennoot van Arthur Andersen SA, is hoof van die Sentrum vir Leierskapstudies aan die USB. Hy word beskou as een van Suid-Afrika se top-organisasiekonsultante op die gebied van leierskap.

Nel sê Arthur Andersen – 'n sake-eenheid van Anderson Worldwide – help kliënte om nuwe maniere te kry om waarde in die snel veranderende wêreldeconomie te skep, te bestuur en te meet.

## Wêreldklasvaardighede

"Met wêreldklasvaardighede in versekering, belasting, konsultasie en korporatiewe finansies het Arthur Andersen meer as 77 000 mense in 84 lande en verbind deur een wêreldwye bedryfstruktuur wat vindingrykheid, die deel van kennis en 'n fokus op kliëntesukses bevorder."

Sedert sy totstandkoming in 1913 het Arthur Andersen 86 jaar ononderbroke groei ervaar, met inkomste van meer as \$7 miljard in 1999.


Nel spesialiseer in organisasievernuwing en die vestiging van hoëprestasiepraktyke, strategiese formulering en implementering, leierskapsontwikkeling van topbestuur, spangerigte leierskapspraktyke en konflikoplossings.

Hy is die medeskrywer van drie boeke en verskeie artikels oor sakeleierskap en het reeds aanbiedings op seminare oor die wêreld heen gedoen.



**Christo Nel:** Kliënte word gehelp met nuwe maniere om in die snel veranderende wêreldeconomie waarde te skep, te bestuur en te meet.

**Arthur Andersen het meer as 77 000 mense in 84 lande en verbind deur een wêreldwye bedryfstruktuur wat vindingrykheid, die deel van kennis en 'n fokus op kliëntesukses bevorder**



Die USB geniet plaaslik en internasionaal hoë aansien vir die gehalte van sy navorsing en opleiding. Die "European Quality Improvement System" (EQUIS) van die vooraanstaande "European Foundation for Management Development" (EFMD) het die USB onlangs geakkrediteer. Dit is die eerste bestuurskool in Afrika en slegs die tweede buite Europa wat dié internasjonale akkreditasie kon kry.

## 'n Finale aanwyser

Prof Eon Smit, direkteur van die USB, sê dié kwaliteitstoekenning vir kliënte is 'n finale aanwyser van internasionale gehalte in 'n mark waar tale bestuurskole hulleself "internasional" noem.

In ooreenstemming met sy nuwe strategie erken die USB die behoefte om meer kliëntgerig te wees en om sy wêreldimensie uit te brei. Deur 'n vennootskap met 'n internasionaal erkende onderneming soos Arthur Andersen te sluit, sal die USB dus die kapasiteit vir meer ingeligte wêreldnavoring binne die "werklike wêreld"-ervaring hê.

Die eerste gesamentlike navorsingsprojek is reeds afgehandel en word in September gepubliseer.

■ Vir nog inligting oor die USB en Arthur Andersen, besoek hul webtuistes: [www.usb.sun.ac.za](http://www.usb.sun.ac.za) en [www.arthurandersen.com](http://www.arthurandersen.com)

## Woordeboekburo word 'n maatskappy

**D**ie Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) gaan nie in sy huidige vorm voortbestaan nie maar as 'n Artikel 21-maatskappy bedryf word.

Die US is reeds meer as 'n driekwarteeu betrokke by die werk aan dié woordeboek, wat in 1926 op Stellenbosch begin het.

Dr Ben Ngubane, minister van Kuns, Kultuur en Tegnologie, het op 'n vergadering met verteenwoordigers van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) en die Beheerraad van die WAT bekend gemaak dat nasionale woordeboekehede voortaan vir

elk van die elf amptelike tale van Suid-Afrika gevestig sal word.

Dié eenhede sal almal as Artikel 21-maatskappye, dit wil sê nie-winsgewende maatskappye, gevestig word. Pansat sal dié vestiging hanteer. 'n Direksie sal elke eenheid bestuur. Die eenhede moet uiteindelik omvatte verklarende woordeboeke vir al elf Suid-Afrikaanse tale saamstel.

Die vestiging van die eenhede beteken onder meer dat die Wet op die Woordeboek van die Afrikaanse taal, 1973, herroep sal word en dat die Buro van die WAT ook as 'n Artikel 21-maatskappy bedryf sal word.

## Afrikaanse woordeboek klaar tot by O

Prof Andreas van Wyk, rektor en visekanselier van die US, het by dieselfde geleentheid as voorsteller van die WAT se beheerraad 'n eksemplaar van deel elf van die WAT wat in Mei vanjaar verskyn het aan Ngubane en aan Pansat se voorsteller, Michael Kumalo, oorhandig.

Deel elf van die WAT bevat die letters N en O en beslaan 925 bladsye met ongeveer 11 200 verklareerde lemmas. Die eerste elf dele van die WAT bestaan uit ongeveer 7 500 bladsye waarin meer as 186 000 verklareerde en 50 000 onverklareerde lemmas opgeneem is. ■

## WAT se kundigheid oorsee in aanvraag

**D**ie Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) se hoofredakteur, dr Dirk van Schalkwyk, het onlangs in Noorweë en Swede met woordeboekprojekte se strategiese beplanning gehelp.

Die Noorse projek stel 'n woordeboek saam in Landsmal, 'n standaardvariëteite van Noors, asook van die Noorse dialektes. Dié projek het in 1930 al begin en die woordeboek sou uit 12 dele bestaan. Daar word nou eers aan deel 4 gewerk, wat die letter G insluit, en die redaksie meen minstens 16 dele is nodig want die werk aan die projek word al hoe meer.

Die Universiteit van Oslo finansier die projek en wil dit net tot 2014 doen, maar die redaksie beraam dat die projek eers in 2060 afgehandel kan word.

Tot sowat 'n dekade gelede het die WAT ook ernstige vorderingsprobleme beleef. Dit is toe met doeltreffende beplanning en bestuur uit die weg geruim. Van Schalkwyk het die Buro van die WAT se oplossings met die Noorse woordeboekmakers bespreek.

Dit is moeilik om te voorspel of dié woordeboek teen 2014 voltooi sal wees want die meeste redaksielede is al op pad 70 toe en hulle vind dit

moeilik om jonger lede te werf.

In Lund, Swede, het Van Schalkwyk drie dae lank 'n strategiese beplanningsessie van die Sweedse woordeboek gelei. Die werk aan dié woordeboek, onder die Sweedse Akademie se gesag, is in 1884 al aangepak! Die eerste deel het in 1898 verskyn en daar word nou aan deel 33 gewerk, wat die letter T bevat.

Die Sweedse Akademie het 2017 as keerdatum gestel om die woordeboek te voltooi. Dié woordeboek se personeel is sterk gemotiveerd – en oortuig dat die projek vanweë dié beplanningsessie betyds klaar gaan wees. ■

## Academia

# SPRING GOU VIR BLYPLEK IN 2001!

**A**s 'n nuwe konsep in studentebehuising is die Academia kompleks op Stellenbosch so goed ontvang dat baie van die huidige inwoners hul verblyf vir volgende jaar verleng het.

Johan Eitner, bestuurder van Academia Eiendomsadministrasie, wat die kompleks se bestuur en verhuring behartig, sê hy verwag dat al Academia se plekke vir 2001 reeds teen die einde van Oktober vanjaar beset gaan wees.

Verblyfplek in Academia is nie net op 'n jaarlike basis beskikbaar nie – daar kan vir enige termyn van 2001 tot 2040 bespreek word. Daar is ook reeds kontrakte vir 40 jaar periodes gesluit. Dit bied vir ouers, grootouers en familietrusts die gemoedsrus van beskikbaarheid en 'n keuse ten op sigte van die tipe akkommodasie, terwyl 'n langer termyn

ooreenkoms vir 'n belegger aanvullend tot 'n pensioeninkomste kan wees.

Dié spoggerige nuwe kompleks op die Matie-kampus is sentraal geleë en grens onder meer aan die ingenieursfakulteit.

Al die slaapkamers in Academia is enkelkamers. Behalwe in die geval van die tweeslaapkamerwoonstelle word elke slaapkamer voorsien van 'n stort, toilet en wasbak. Die eenhede is volledig gemeubileerd en voorseen van kookgeriewe en yskaste. Elke studeerarea is ook voorseen van

'n netwerkpunt wat met die US se rekenaarnetwerk verbind is. ■



■ Vir meer besonderhede kan die Academia kompleks op die kampus besoek word, of kontak Academia by tel. 021-887-1260, faks 021-887-1261, e-pos academia@syfin.co.za of webadres www.academia.co.za

This international research group has undertaken field trips to the Richtersveld and Namaqualand and collaborates with Stellenbosch University's botany department

# KNOWLEDGE FROM CHILE COULD ENHANCE LOCAL FRUIT PRODUCTION

**T**he quality of fruit produced in the Western Cape could be improved by research done in Chile by a Stellenbosch University horticulturalist

Dr Stephanie Wand of the Department of Horticultural Sciences is an ecophysiological scientist who studies the influence/effect of environmental factors on plant functions, for example photosynthesis and water use.

She has joined two international research expeditions to Chile led by Prof Philip Rundel, a world renowned ecologist and plant ecophysiological scientist from the University of California in Los Angeles (UCLA).

Their research expedition earlier this year was a follow-up to the first one in November 1998 with the same group of people. The other team members were Dr Guy Midgley, a plant ecophysiological scientist with the National Botanical Institute at Kirstenbosch, as well as a scientist and two doctoral students from UCLA.

## Richtersveld and Namaqualand

Since 1995 this group has undertaken field trips in the Richtersveld and Namaqualand. Prof Rundel is a frequent visitor to South Africa and also has collaborative links with Dr Karen Esler of Stellenbosch University's botany department.

On their recent trip to Chile the team made a study of the effect of extreme climatic conditions on the functioning of mature vegetation. They worked in areas of Chile where such conditions are potentially more stressful to plants than most other regions in the world.

Wand focussed her research on factors such as temperature and radiation that affect photosynthesis. Of special interest to her were the small tree types of the genus *Polylepis* found in



**Wand, in Chile earlier this year: Applying her knowledge to enhance the quality of fruit production in the Western Cape**

Lauga National Park in northern Chile.

*Polylepis*, to which South African deciduous fruit types (apples, pears and peaches) are distantly related, has adjusted very well to atmospheric conditions such as high light intensity, low rainfall and extreme daily temperature fluctuations.

Wand plans to consolidate further relevant knowledge and then apply it to enhance the quality of fruit production in the Western Cape.

High quality fruit production requires the maintenance of optimum light proportions in the tree – not too little or too much radiation. Light intensity influences Western Cape problems regarding fruit quality, such as sunburn and insufficient development of colouring in red apples and pears.

**Of special interest to her were small tree types found in northern Chile, to which South African fruit types are distantly related**

M

'n Klein begin sewe jaar gelede het 7.6 gigagrepe geword waarin webbesoekers al hoe meer verdwaal het

# MILJOEN BLADSYE KRY 'N NUWE BAADJIE

**Mattie van der Merwe vertel van die ambisieuse projek om [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za) beter en vinniger te laat kliek**

**D**ie Universiteit se webblad het soos 'n "informele nedersetting" ontwikkel. Uit 'n klein begin sewe jaar gelede het 7.6 gigagrepe en sowat 'n miljoen bladsye gegroeil!

Vir [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za) se besoekers het dit al moeiliker geword om nie in dié "nedersetting" te "verdwaal" nie.

Nes die ontdekkers vanouds het Gert Albertse by die afdeling Informasietegnologie (IT) vroeg in 1993 op sy kantoorrekenaar vir die Universiteit 'n webblad begin skep.

Hy het basiese Jaarboekinligting opgesit – byvoorbeeld die US-personellies en 'n kort geskiedenisbeskrywing.

"Ek moes maar oplees wat ek wou weet. Daar was ook inligting op die Internet, toe dié nog gratis en vinnig was", vertel Albertse. Weblezers soos

by IT die tuisblad se administrasie oor. Sy moes bladmeesters regstreer en inlig subgidse skep en met die res van die kampus skakel. Departemente en ander afdelings kon nou hulle eie webblaie skep en self hul inligting op die web plaas en onderhou.

Sedert sy ontstaan, was die webblad op vier verskillende bedryfstelsels: eers Windows, toe Novel, Unix en nou Windows New Technology.

Ongeveer drie jaar gelede word die afdeling Bemarking & Kommunikasie (B&K) betrek by die bestuur van dié deel van die inligting wat na buite oopgestel word. Die webblad word immers nie net gebruik om die Universiteit te bemark nie, maar ook vir interne bestuursinligting, studente-inligting en afstandsonderwys.

Daar word nou nog steeds gewerk aan die ideaal van 'n drieledige US-webblad: 'n oop webblad wat vir alle Internetgebruikers toeganklik is, 'n

The figure consists of three side-by-side screenshots of the Stellenbosch University website. The left screenshot shows the main homepage with a large banner image of a building and text for current students, prospective students, alumni, academics, and research. The middle screenshot shows the 'Current Undergraduate Students' section with links for degrees, diplomas, academic services, financial matters, postgraduate students, international students, and student news. The right screenshot shows the 'Alumni' section with links for stay in touch, convocation, and alumni news.

Netscape en Explorer was nie gevorderd nie. Die tuisblad het Gopher-tegnologie gebruik, gebaseer op hiperteks en sonder grafika of multimedia. Die teks kon ook nog nie elektronies taalversorg of geformateer word nie.

Fakulteite, departemente en ander afdelings het hul eie "standplase" in die "informele nedersetting" afgepen. So groei die inligtingstruktuur volgens 'n interne logika, wat egter nie sommer vir die buitestaander sin maak nie.

Die tuisblad het stadigaan gewild geword. Universiteitsmense gee toenemend hulle inligting aan Albertse. En IT besluit om 'n bediener aan die tuisblad toe te wys en om meer personeellede by die administrasie daarvan te betrek.

In 1997 neem dr Barbara Pool

Intranet met bestuurs- en ander inligting slegs vir US-personeellede en studente, asook 'n Extranet (onder meer vir afstandsonderwys-studente) waartoe Internetgebruikers slegs teen betaling toegang kan hê.

Vanaf 1997 is Manunia Spence na B&K oorgeplaas om aan die webblad te werk. Dit was egter gou duidelik die werk is te veel en B&K se kapasiteit is te klein om die steeds groeiende blad na wense te ontwikkel.

"Manunia het uitstekende werk gedoen om die web te hernu en dit gebruikersvriendelik te maak", sê Hans-Peter Bakker, hoof van Kommunikasie.

Spence het departemente en ander afdelings aangemoedig om hul eie blaiae te skep, en het baie moeite gedoen om inligting keurig

**Hoe meer die Universiteit se personeel agterkom wat webtegnologie deesdae kan doen, hoe langer word die wenslys!**

en markgeoriënteerd aan te bied. In 1998 kry die tuisblad 'n nuwe voorkoms, maar met die wete dat net 'n diepgaande ingryping hom uiteindelik tot sy volle reg kan laat kom. Die bestaande inligtingstruktuur was nog te beperkend.

## Projek Sunweb sien die lig

Die Internet se gebruik het vinnig toegeneem. Al hoe meer departemente, afdelings, navorsingsinstansies, koshuise, sportklubs en dies meer het dit begin gebruik om hulself te bemerk. In die lig hiervan besluit die Universiteit vroeg vanjaar om fondse beskikbaar te stel vir die herontwerp van sy webblad sodat dit kan kers vashou by die beste op die web wat voorkoms en funksionaliteit betref.

Uiteindelik kan 'n groot projek aangepak word om die Universiteit se webblad, wat al byna 'n miljoen bladsye beslaan, ingrypend te herorganiseer en aantreklik aan te bied. B&K en IT tree in vennootskap en Projek Sunweb word in die lewe geroep. "Ons vennootskap met IT is 'n belangrike bestanddeel vir die sukses van Projek Sunweb. Hulle het die web ontwikkel en deurentyd uitstekend in stand gehou," sê Bakker. "Ek is baie dankbaar dat hulle net so geesdrifig soos ons is om van Sunweb 'n sukses te maak!"

In Mei vanjaar stel B&K vir Lizé Esterhuizen as webredakteur aan en Bakker begin om Projek Sunweb se span saam te stel. IT staan vir Lise-Marie Greeff aan Sunweb af om die programmering vir die bladsye te doen. Barbara Pool help, naas haar ander IT-verpligte, ook met die projek. En ek help nou met die webblad se taalversorging en vertaling. Maniunia Spence is intussen as projekskrywer na Finansiële Hulpbronne binne B&K oorgeplaas.

**Volledige, toeganklike program-inligting is belangrik: 20-30% van die voornemende studente gebruik webinligting om 'n studiekeuse te maak**

die web vir hulle kan (en graag wil) lever.

By die werkswinkel oor voornemende studente het Leon van den Heever, hoof van Voornemende Studente, genoem dat tussen 20% en 30% van sulke studente hul studiekeuses grond op die inligting wat hulle op die web kry. Volledige en toeganklike programinligting is dus 'n groot behoefté.


Daar was soortgelyke werkswinkels vir die ander drie belanggroepes: Maties, Oudmaties en akademici.

Met die beplanning van die inligting wat so ingesamel is, is 'n markgerigte "portaalkonsep" gebruik. As besoeker kies jy die portaal op die tuisblad wat jou behoeftes die beste verteenwoordig. In dié portaal word al die inligting en dienste aangebied wat op jou behoeftes afgestem

**'n Markgerigte 'portaalkonsep' help jou om binne 'n paar klieks uit te kom by die inligting wat jy soek**

is. Die ideaal is dat die gebruiker binne 'n paar klieks by die verlangde inligting kan uitkom.

Wat nie vir die projek se eerste fase haalbaar is nie, plaas die span op 'n wenslys vir volgende fases. En hoe meer die Universiteit se personeel agterkom wat webtegnologie deesdae kan doen, hoe langer word die wenslys!



Projek Sunweb is ambisieus. Dit word in fases aangepak en gaan waarskynlik eers oor 'n paar jaar heeltemal aangehandel wees. Die projekspan moes die eerste fase reeds teen September klaar hê vir die landwye bekendstelling van die Universiteit se Strategiese Raamwerk. Die projekspan moes dus vinnig wegspring!

IT het onlangs programmatuur in werking gestel om statistiek te verkry oor die gebruik van ons webblad. Ons kry elke dag (veral naweke!) deruisende besoekers. Maar wie is hulle?

Dié besoekers – ons mark – val rofweg in vier groepe: voornemende studente, huidige Maties, alumni en akademici (en onder dié groep is ook byvoorbeeld instansies of bedrywe wat inligting soek oor ons navorsing en opleiding).

Om dié besoekers gelukkig te maak, moet die Sunwebspan 'n goeie

Een van die belangrikste take van die eerste fase is 'n nuwe voorkoms vir die tuisblad wat die Universiteit se nuwe korporatiewe identiteit uitbeeld. Kontrakteurs van buite die US is aangestel om dit te ontwerp.

Almal by die US wat geraak word deur die herstrukturering van inligting in die eerste fase werk geesdrifig saam met die Sunwebspan. "Ons het nie alleenreg op die web nie," sê Bakker. "Ons werk in 'n uitgebreide vennootskap met die hele Universiteit."

"Die webblad sal eers sy volle potensiaal bereik as die departemente en afdelings bereid is om geld uit hul eie begrotings te gee om hul webruimtes te ontwikkel. Ontwikkeling is duur, maar die toenemende gebruik van die web regverdig die uitgawe."

Klik dus gereeld [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za) toe en hou dop hoe ons webblad geleidelik oor die volgende jaar of wat 'n nuwe gedaante kry!

Die Kweekskool kry sy eerste voltydse vrouedosent in 141 jaar. Sy het met **Shireen Adams** gesels

# SY MAAK GESKIEDENIS ÉN WIL 'N VERSKIL MAAK

**'n Ouerhuis met godsdiens as "geleefde werklikheid" het haar voorberei om met haar hele hart na ander se verhale te luister**

**P**rof. Elna Mouton het 'n deernis vir mense en hulle uniekheid wat jou by 'n eerste ontmoeting soos 'n magneet aantrek en wegvoer na 'n wêreld van absolute hoop.

Praat 'n mens met haar, besef jy gou hoe eerlik sy is as sy sê glo in geregtigheid en in 'n kultuur van gesprekvoering waardeur stereotipes wat daar in die samelewning bestaan, afgebreek kan word.

"As jong kind het ek in die skilderagtige Ceres grootgeword en het ek op 'n baie spontane manier vriende gemaak met verskeidenheid. Terwyl ons almal grootgeword het in 'n samelewing waar strukture soos apartheid 'n gegewe was, was ek gelukkig om groot te word in 'n huis waar ek daagliks met inklusiviteit te doen gekry het."

## Blootstelling

"My ma en pa het huisvriende gehad wat bruin en Xhosa-sprekend was en dit was nie vir my vreemd om die daaglikse lief en leed met hulle te deel nie. Vandag besef ek werkelik watter impak dié blootstelling aan my gemaak het."

"Dit wat baie spontaan in my ouerhuis ontwikkel het, het uiteindelik my lewe en my identiteit geskep. Ek glo dat jy jouself moet toelaat om verras te word en geseen te voel in die konteks van verskei-

denheid.

"As jy probeer om jouself te beskerm teenoor die groter wêreld dan verarm jy jouself ironies genoeg as mens," het sy gesê.

Prof. Mouton maak vanjaar geskiedenis by die Universiteit van Stellenbosch met haar benoeming as die eerste voltydse vroulike dosent in die byna 141 jaar wat die Kweekskool bestaan.

Mouton het nie die tradisionele teologie-opleiding gehad nie en is selfs nie as predikant gelegitimeer nie. Toe sy dertig jaar gelede begin studeer het – voordat die NG Kerk vroue as predikante toegelaat het – was daar geen vooruitsig vir 'n vrou om predikant te word nie. Sy het in 1995 haar doktorsgraad in teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland verwerf.

Sy vertel dat sy in 'n eg tradisionele Afrikaanse huis grootgeword het, waar godsdiens nie 'n teorie was nie, maar "n geleefde werklikheid"

"Dié werklikheid het my voorberei om met my hele hart te luister na ander se verhale."

Sy is in haar matriekjaar vir 'n vakansie saam met 'n Matie-werkersgroep Transkei toe om sendingwerk te gaan doen. "Daar was by my geen twyfel dat dit die plek was waarheen die Here my geroep het nie."

Nadat sy BA en 'n honneursgraad op Stellenbosch voltooi het, is sy vir twee jaar na die Hugenote Kollege op Wellington waar sy

**"As jy probeer om jouself te beskerm teenoor die groter wêreld, verarm jy jouself ironies genoeg as mens"**

haar spesifiek voorberei het vir dienswerk in die NG Kerk in Afrika se gemeente Canzibe in Transkei. Sy het haar daar toegelê op jeugwerk en godsdiensonderrig by die omliggende skole.

Daarna is sy Port Elizabeth toe waar sy by die NG Kerk se Oos-Kaapse sinode verskeie bedieninge behartig het en later hoof uitvoerende beampete van die NG kerk se vrouediens was voordat sy tien jaar gelede by die Universiteit van Port Elizabeth in Bybelkunde begin klas gee het.

### Onbeskaam bang

"Ek was baie gelukkig by UPE en was aanvanklik onbeskaam bang om die skuif Stellenbosch toe te maak. 'n Skuif van die Oos-Kaap na die Wes-Kaap, en boonop van 'n lettere- na 'n teologie-fakulteit.

"Ek is egter baie opgewonde oor my aanstelling by Stellenbosch en beskou dit as 'n geweldige uitdaging om mee te werk aan die vorming van studente. My droom is dat hulle die kerk uiteindelik as die mees inklusiewe instansie in die gemeenskap salervaar, en sal help om die kerk dáárvoor te beïnvloed.

"Met die oog hierop nooi ek graag alle belangstellendes om vir die pad vorentoe te help en te beplan, sodat ons die proses saam sal eien en sal help deurvoer."

**"Jy moet jouself toelaat om verraste word en gesien te voel in die konteks van verskeidenheid"**

"Ons is by die Universiteit, in Stellenbosch en in die land deel van 'n lang proses van verandering. Dit sluit noodwendig 'n breë gesprek in oor die hele saak van verskeidenheid waardeur stereotipes afgebreek moet word en die menswaardigheid in gemeenskappe herstel en opgebou moet word."

"Ek vertrou dat ek by US deel sal kan wees van die huidige transformasieproses sodat geregtigheid toenemend sal geskied en die potensiële van vroue optimaal gerespekteer en benut sal word."

"My doelwitte vir die eerste ses maande is heel eenvoudig – om te luister na my omgewing, die omvang van my taak so verantwoordelik as moontlik te verken en om die dinamiek van die Fakulteit Teologie met dosente en studente van verskeie sosio-agtergronde te leer verstaan en te respekteer."

"Verder wil ek graag die breër Universiteit opnuut leer ken. Hoewel ek 'n Oudmatie is, het die omgewing noodwendig baie verander. Met 'n soort kritiese lojaliteit teenoor die tradisie, wil ek deurgaans luister en fyn waarneem."

"Ek het 'n absolute passie dat die kerk sigbaar sal wees in die gemeenskap en dat mense hul religieuze identiteit sal sien in verband met die behoeftes van die samelewing."

"In hierdie sin wil ek graag die kerk sien as 'n bron van hoop in ons samelewing. As 'n ruimte waar ons eerlik met ons herinneringe sal omgaan en die moed sal hê om te leer uit die verlede."

M

**Marilize Viljoen** vertel van 'n Japanner wat in 1978 al as nagraadse teologiestudent aan die US begin studeer het

# DIE JAPANSE DOMINEE, SY AFRIKAANSE VROU EN SY LIEFDE VIR BOEREMUSIEK

**Hy is Stellenbosch toe op aandrang van sy kweekskool se destydse rektor, ds Tobie de Wet, 'n Oudmatie wat as sendeling in Japan gewerk het**

**H**oe Koicho Mino, seun van 'n Boeddhistiese gesin van Hokkaido, Japan se noordelikste eiland, as toekelok op Stellenbosch beland het, is 'n interessante storie.

Koicho is as oudste seun Tokio toe gestuur om ekonomiese aanval 'n private universiteit te studeer. By dié instansie was daar verskeie Christenlektore wat hulle in die twee wêreldoorloë as sendelinge in Japan gevestig het. Van hulle was spesialiste op hul gebied en het groot bydrae tot die stigting van hoër skole en

ander opvoedkundige sentrumme gelewer.

Een van Koicho se professore het hom van die Bybel vertel, hy het die plaaslike gemeente van die Reformed Church in Japan (RCJ) begin besoek en 'n tyd daarna geroepe gevoel om predikant te word. Sy ouers, tradisionele Boeddhistiese, was natuurlik gekant teen sy roeping, maar hulle het hom laat begaan.

Koicho het sy opleiding aan die RCJ se kweekskool in Kobe voltooi, maar wou nog verder studeer. Hy het toe reeds boeke van prof Johan Heyns ('n Oudmatie van Pretoria), dr Andrew Murray en ander Suid-Afrikaanse

teoloë soos proff Willie Jonker en Pieter Verhoef, albei van Stellenbosch, gelees.

Weens sy bande met die NG Kerk en die RCJ het Koicho Mino in verbinding getree met ds Dawid Snyman, Oudmatie en pa van die bekende rugbyman Dawie Snyman. Ds Snyman, wat sedertdien oorlede is, was destyds die NG Kerk se sendingsekretaris in die Vrystaat. Deur sy toedoen kon Koicho Suid-Afrika toe kom om met 'n beurs van die NG Kerk verder te studeer.

Vervolg op bl. 20

Vanaf bl. 19

Hy is Stellenbosch toe op aandrang van sy kweekskool se destydse rektor, ds Tobie de Wet, 'n Oudmatie wat as sendeling in Japan gewerk het.

So het Koichi in 1978 op Stellenbosch sy meestersgraad onder prof Verhoef aangepak en dit in Desember 1979 cum laude behaal. Daarna het hy sy doktorale studies in Ou Testament onder die promotoriek van dr Dirk Odendaal voortgesit en in 1984 afgestudeer. Verhoef, 'n eertydse dekaan van Teologie, het sedertdien afgetree en Odendaal is in 'n motorongeluk oorlede.

Behalwe Koichi se besonderse band met die Universiteit, is hy boonop in 1985 met 'n mede-Oudmatie, dr Maretha van Tonder, getroud. Sy het MB,ChB in 1983 behaal.

Hoewel die aanpassing in Japan nie maklik was nie, het sy die taal en kultuur baie goed onder die knie gekry. Die Mino-egpaar het twee dogters, Yukiko (13) en Mariko (11), en 'n agtjarige seun, Yutaka.

## Afrikaanse radioprogram

Behalwe haar huishouding en die gemeente, waarby Maretha direk betrokke is, is sy 'n korrespondent vir die Afrikaanse radioprogram Monitor. Sy skryf ook en doen vertaalwerk. Haar ouers, MJ en Laurette van Tonder van Stellenbosch, asook haar suster, Elria, is almal Oudmaties.

Terug in Japan het die Minos by 'n klein sendinggemeente van die RCJ in Sapporo ingeskakel. Dié gereformeerde denominasie het van 'n handjievol gelowiges ná die Tweede Wêreldoorlog gegroei tot 10 000 lede in sowat 150 gemeentes dwarsoor die land.

Koichi gee soms klas by dié kweekskool en instituut. Op sinodale vlak is hy betrokke by studiekomitees en was ook die afgelope jaar direk betrokke by die onderhandelinge tussen die RCJ en die NG Kerk asook die RCA (Reformed Church in Africa) om nouer sending samewerking by mekaar se kerke te bewerkstellig.

Maretha vertel dat Koichi in April 2001 by die ankergemeente van dié gereformeerde kerk in Tokio bevestig sal word. Hy sal daar ook meer direk by die theologiese instituut betrokke wees.

As deel van die aangename herinneringe van sy verblyf in Suid-Afrika onthou hy verskeie staaltjies en amusante voorvalle. Soos met sy aankoms in 1978 toe hy met 'n "Hallo Boeta" op die lughawe verwelkom is. Dié groet het hom heeltemal verrybsterd gelaat, want "boeta" is die Japannees vir vark!



**Bo:** Die Mino-gesin: Yukiko, Maretha, Mariko en Koichi, met Yutaka voor.

**Regs:** Dr Maretha van Tonder en dr Koichi Mino op hul troudag in 1985.



Met 'n musiekconcert wat die Matie-kweekskoolstudente op Hermanus aangebied het, het hy Jan de Wet se kitaar geleent. Koichi het nie besef wie Jan is nie, maar het opgemerk dat dit nie sommer 'n gewone kitaar is nie! Toe hy later agterkom dat hy eintlik 'n bekende in die SA musiekwêreld se kitaar sommer so goedsmoeds geleent het, was hy erg verleë.

## Liefde vir musiek

Op Stellenbosch was Koichi se liefde vir musiek opvallend. Sy kitaar is altyd saamge neem na sosiale geleenthede. En hy het 'n voorliefde vir die Afrikaanse kultuur en boeremusiek ontwikkel. Hy ken 'n wye verskeidenheid Afrikaanse volksmusiek. Met sy teruggaan na Japan het hy selfs opnames van boeremusiek saamge neem!

Onuitwisbare indrukke van Koichi se studentedae in Suid-Afrika sluit beslis die warmte in waarmee hy reg van die begin af hier ontvang is. Net ses maande na sy aankoms is hy

genooi om in Afrikaans by die NG Kerk in Nelspruit te preek. 'n Studentemaat, Dolf Brits, se pa was daar die predikant.

Dit het hom ook diep nederig laat voel toe die Vrystaatse sendingkantoor by geleentheid vir hom 'n blanko tjek uitgeskryf het.

Koichi sê hy is baie dankbaar teenoor al die Suid-Afrikaanse vriende – en veral teenoor sy twee uitstaande leermeesters vir hul geduld, positiewe gesindheid, wysheid en sensitiewe leiding en die vertroue wat hulle in hom gestel het. Die teologie wat hy op Stellenbosch geleer het, is nou vir hom 'n seker basis waarop hy as sendeling met vertroue kan voortbou.


Hy dink ook met dankbaarheid terug aan die vele ander mense wat dit destyds vir hom moontlik gemaak het om die taal en kultuur onder die knie te kry. Bets Zahn, veral, het hom baie met die Afrikaanse taal gehelp. Die Vrystaatse NG Kerk het hom deurgaans finansiële ondersteun.

Hy het ook aangename herinneringe aan sy medestudente in Helshoogte en aan die Smit-gesin van die wynplaas Koopmanskloof waar hy vir vyf jaar geloseer het.

In Japannees lui dit "Arigato!", oftewel, dankie!



STELLENBOSCH  
Tel: +27(0)21-887 4740 Fax: +27(0)21-887 4741  
Website: [www.abprealestate.co.za](http://www.abprealestate.co.za).  
E-mail: [annabp@mweb.co.za](mailto:annabp@mweb.co.za)



**R3,8 MILLION**

Beautiful smallholding on the banks of the Bonte River.  
6 Ha of land and a three-bedroom mainhouse, stables and office are offered.  
This property is ideal for horse lovers or as a country retreat.

**FANIE STEENKAMP: 082 920 9472**  
**PIET STARK: 083 635 3300**



#### KAMPUS BELEGGINGS – WOONSTELLE

- Pryse vanaf R248 000
- GEEN Hereregte
- By kampus met parkering
- Ook eiendomme in **Het Begijnhof, Bothmazicht, Rattray, Leiwater en vele meer.**

**\*YVONNE: 082 572 5242 \*TINA: 082 897 8784 \*LIZANNE: 082 576 1538 ELNA: 082 5777 033**



#### SLAWEHUISIES

##### Historiese eenhede in kern van Ou Stellenbosch.

- Pragtige gerestoureerde.
- Loop afstand van kampus.
- Vanaf R220 000

#### COMMERCIAL PROPERTY IN STELLENBOSCH

- Commercial property in CBD
- Combination of retail and flats
- Excellent Security!!
- Recently upgraded and renovated
- Transfer of shares.

**PIET STARK: 083 635 3300**  
**MARI CARSTENS: 082 566 1155**



**ONS HET UITSTEKENDE WOONHUISE IN ALLE WOONBUURTE  
VANAF R320 000 – R5,2 MILJOEN**

# PSYCHOLOGY'S JAMESTOWN OUTREACH

**T**he Psychology Department has started a community outreach project in Jamestown near Stellenbosch. Prof Tony Naidoo, previously from the University of the Western Cape, heads the project.

It has two reciprocal objectives, says Naidoo. "We wish to render soarly needed psychological services to a disadvantaged community. Secondly, while doing so, we can afford our students the opportunity to obtain relevant training in a community setting."

## Transformation

Both these aims are in line with national priorities around transformation, says Naidoo, who was appointed at Stellenbosch University in January with the major aim of facilitating the development of a community psychology emphasis in the Department of Psychology.

"The co-operation of all the parties we have approached about the



**Tony Naidoo:** evolving a collaborative community model, for a meaningful and mutually supportive relationship.

Jamestown project has been absolutely overwhelming," says Naidoo.

He would like a collaborative community model to evolve from this process bringing together the community of Jamestown, the municipality of Stellenbosch and the University in a meaningful and mutually supportive relationship.

Limited counselling has started at a clinic in Jamestown. "We trust that with relevant community input our services will expand to meet community needs. Proposals are being developed for lifeskill training to be offered in the schools in the area.

"At the same time our students will have the opportunity to provide community service and obtain the necessary training in a community context."

Naidoo has approached several Jamestown school principals and the ratepayers association about the establishment of an advice committee to oversee the project's development. "All role-players are excited about the prospects for this collaborative community project."

## Rekenaars help Genadendallers

In die Fakulteit Opvoedkunde se Mediasentrum is elektroniese toerusting wat nie meer in die Universiteit se netwerk gebruik word nie, geskenk aan Lanok, 'n organisasie wat probeer om die levensgehalte van minderbevoorregtes in landelike gebiede te verbeter. Opleiding en hulp aan gemeenskapsorganisasies is 'n belangrike deel daarvan. Die skenking is aan die Genadendal Ontwikkelingstrust beskikbaar gestel vir 'n projek wat rekenaaropleiding aan die jeug bied. Prof Tom Park, dekaan van opvoedkunde, is hier met die oorhandiging van die toerusting by Lanok-verteenvoerdigers Tom de Wet, besturende direkteur, en Peter Sidego.



M

## **Physiologist selected for international programme**

**B**ertie Burger (Department of Human and Animal Physiology) is one of only 40 candidates selected from Southern Africa for an international STD/HIV/AIDS programme.

The one year Bristol-Meyer Squibb "Secure the Future" fellowship programme on capacity building and training of people in this field started in June. It is conducted by the National School of Public Health at Medunsa (the Medical University of Southern Africa) with the support of Morehouse School of Medicine in Atlanta, Georgia.

The programme is funded by the Community Outreach and Education Fund established by the Bristol-Myers Squibb Foundation. It is part of a joint initiative with the Bristol-Myers Squibb company called Secure the Future: Care and Support for Women and Children with HIV/AIDS.

This five-year initiative is focusing on

South Africa, Botswana, Namibia, Lesotho and Swaziland, which are among the world's countries with the highest incidence of HIV/AIDS.

Burger, who holds an MSc in Reproductive Physiology, is studying for a DPhil under the guidance of Prof Johan Mouton of the Centre for Interdisciplinary Studies. The subject for Burger's PhD thesis is a methodological framework for the design and evaluation of educational STD/AIDS programmes used by NGOs.

He is the CEO of Choices STD/AIDS Ed, an Article 21 company involved in communities through educational interventions on STD/AIDS. ■

■ Web site:  
<http://www.choicesstdaidsed.co.za>

**Regs: Bertie Burger**



## **WERKLOSES LEER HEELMAAK**

**D**ie Departement Bedryf-sielkunde het 'n groep Stellenbosse werkloses elkeen toegerus met 'n kis gereedskap van R600 en 'n sertifikaat wat hulle toelaat om elektriese toerusting te herstel.

Dit alles danksy Lungisa, 'n Artikel 21 maatskappy vir ondernemersontwikkeling wat werkloses deur praktiese kursusse bemagtig om dinge wat stukkend is in hul gemeenskappe heel te maak en 'n inkomste daaruit te verdien.

Dis soos iemand wat, soos hy loop, akkers plant waaruit later 'n bos ontstaan wat werk kan verskaf, verduidelik Lungisa se besturende direkteur, Danie Swanepoel.

Die Departement Bedryf-sielkunde was betrokke by die eerste projek op Stellenbosch. Die voriges was in Transkei. Die departement het die besigheidsvaardigheidsdeel van die kursus op Stellenbosch aangebied, en die sertifikaatplegtigheid is by die departement gehou.

Die departement se betrokkenheid spruit uit die belangstelling van een van sy dosente, prof Jan du Toit, in gemeenskapsontwikkeling en in hoe die US hiermee 'n



bydrae kan lewer. Bedryf-sielkunde impliseer immers 'n werksomgewing, sê hy. Werkskepping is belangrik waar die werk-

**Stellenbosch se burgemeester, William Kalanza (links voor), met die sertifikaatplegtigheid by die Departement Bedryf-sielkunde, saam met Danie Swanepoel van Lungisa, prof Dave Tromp van Bedryf-sielkunde en Kholiswa Mpayipheli, een van die beste studente in dié kursus.**

loosheidsyster hoog is, en Lungisa se projekte is van praktiese toepassing in sulke gemeenskappe.

Naas kursusse in elektriese herstelwerk, bied die maatskappy ook opleiding aan in sveiswerk, hidropotika en verkoeling. Lungisa bestaan reeds drie jaar en het al sowat 40 kursusse, met ongeveer 15 studente per kursus, aangebied. Kursuse word aangebied met geldsteun van maatskappye in die betrokke veld. ■

# S.A. AKADEMIE VEREER GELEERDES ÉN 'N DEPARTEMENT

**D**ie Akademie vir Wetenskap en Kuns het vanjaar drie huidige en twee afgetrede US-akademici bekroon. 'n US-departement het ook 'n erepenning van die Akademie gekry.

Die Departement Verbruikerswetenskap: Voedsel, Kleding, Behuising (voorheen Huishoudkunde) het die akademie se erepenning vir vakbevordering op sekondêrevlak gekry vir die Huishoudkunde Olimpiade wat die departement elke jaar aanbied.

'n Ouddosent in Botanie, prof Adri van der Walt, is bekroon met die Havengaprys vir Biologiese Wetenskappe en die Akademie-epenning vir Natuurwetenskappe en Tegniek is toegeken aan prof Christo Viljoen, hoof

van die Kantoor vir Intellectuele Eiendom.

Viljoen is vereer vir sy bydraes oor etlike jare tot die universiteitswese, die uitsaibedryf en die uitbou van die nywerheidswese om mededingend te wees op die wêreldmarkte. Viljoen het as viserektor (bedryf) aan die US afgestree en was voorheen dekaan van Ingenieurswese.

Die drie huidige dosente wat vereer is, is prof Daniël Louw van die Fakulteit Teologie wat die Totiusprys vir die grondtale van die Bybel en Teologie gekry het, prof Johan Mouton, hoof van die Sentrum vir Interdissiplinêre Studies, wat met die Stalsprys vir Multi- en Interdissiplinêre Spannavorsing bekroon is, en prof Roelof Temmingh van die Konservatorium wat die Akademie-epenning vir Musiek ontvang het.

**Drie huidige dosente wat deur die SA Akademie vereer is:**  
proff  
**Daniël Louw,**  
**Johan**  
**Mouton en**  
**Roelof**  
**Temmingh.**



## ZULU WINS TOP LITERATURE PRIZE

**P**rof Nogwaja Zulu, head of the African Languages department, has won the prestige prize for literature of the African Languages Association of Southern Africa (ALASA). The prize, for 1999, was awarded for Zulu's outstanding research in literature in African languages.

Heinemann Publishers sponsored the prize. It is awarded annually, for the best article published in a particular year.

Zulu's winning article challenges the perception that the literature of African languages in South Africa is of insufficient literary standard. The article, *African literature in the next millennium*, was published by the SA Journal of African Languages.

Together with the analysis of JM Ngudi's novel *Asikho ndawo bakithi* (We are nothing) –



published by Shuter and Shooter – the article demonstrates that the African novel of the 1990s has developed to the degree that it can be seen to be entering the new millennium with justifiable confidence and a strong sense of its burgeoning strength and power. Like any other literature, African language literature is poised to make a valuable contribution to the literatures of the world, says Zulu.

The prize was presented to Zulu at the recent interim ALASA conference at the University of Botswana where he delivered a keynote address on the teaching of African language literature to non-native speakers.

**Nogwaja Zulu: African language literature is poised to make a valuable contribution to the world's literatures**

# REKENAARBAAS KRY GESOGTE MEDALJE

**M**arius Fürst, 'n Oud-matriculier aan wie die Universiteit grootliks sy voorsprongposisie op die gebied van informasietegnologie te danke het, is met die Pro Bene Merito medalje vereer.

Dié prestigemedalje word toegeken vir buitengewone diens aan die Universiteit. Die rektor en visekanselier, prof Andreas van Wyk, het die medalje oorhandig.

Fürst het BSc en MBA aan die US behaal en het regdeur sy uiters suksesvolle sakeloopbaan altyd getrou gebly aan sy alma mater.

Tien jaar nadat hy by Hewlett Packard (HP) Suid-Afrika aangesluit het, word hy in 1984 die maatskappy se besturende direkteur. In 1994 word hy besturende direkteur van Compaq Computer (Pty) Ltd en binne vyf jaar bou hy dié onderneming uit tot die sterkste verskaffer van hoe gehalte rekenaars in die land, met 'n aansienlike markaandeel op die gebied van bedieners.

Uit dié posisie lewer hy 'n sleutelbydrae tot die Universiteit se infrastruktuur op die gebied van rekenaars en netwerke. Die goeie prys wat hy telkens kon beding, het die US in staat gestel om sy infrastruktuur met voorpunt-toerusting uit te bou. Hy het



**Marius Fürst het regdeur sy uiters suksesvolle sakeloopbaan altyd getrou gebly aan sy alma mater.**

ook by verskeie geleenthede rekenaar-toerusting aan verskillende institute, departemente en personeel van die Universiteit geskenk.

Deur sy toedoen is personeel van Informasietegnologie ook blootgestel aan byeenkomste en sleutelpersone in die buitenland en kon hulle eerstehands kennis opdoen van die jongste ontwikkelinge in die inligtingswêreld.

Marius Fürst was deurentyd 'n staatmaker wat gereeld sy deel vir die US gedoen het. Hy het dikwels Oudmatie-byeenkomste geborg en was altyd 'n getroue ondersteuner van die Nagraadse Bestuurskool (USB) – in wie se adviesraad hy ook dien.

## Verbruikers-wetenskap vier drie kwarteeu

**D**ie Departement Verbruikerswetenskap: Voedsel, Kleding, Behuising (voorheen Huishoudkunde) is 75 jaar oud. Sedert 1925 het die departement duisende vakkundiges vir die arbeidsmark opgelei.

Dié drie kwarteeufees word op 21-23 September gevier. Voedselbedryfskenner Ina Paarman en voorkomskonsultant Chata Romano bied lesingdemonstrasies aan by 'n simposium op 22 September. Verskeie ander kenners tree ook op. Daar sal ook demonstrasies en spesiale uitstellings van nuwe apparaat en ander tegnologiese ontwikkelings wees.

Sosiale funksies sluit in 'n uitvoering deur die US Simfonie-orkes in die Endlersaal en (op 'n wynplaas) 'n laatontbyt en wynproe asook 'n swierige banket.

■ Vir meer inligting, skakel Annalien Dalton, tel (021) 808-3398/04, faks (021) 808-4804, of e-pos [adalton@maties.sun.ac.za](mailto:adalton@maties.sun.ac.za)

## Gewaskenner kry toekenning

**D**ie SA Vereniging vir Gewasproduksie (SAVG) het dr Nic Combrink van die Departement Akkerbou en Weiding met 'n genootskapstoekenning vereer.

Dit is by 'n onlangse SAVG-kongres oorhandig – as erkenning vir Combrink se vakkundige en administratiewe dienste aan die vereniging. Hy het sedert die vereniging se stigting in 1970 referate oor verskeie onderwerpe op SAVG-kongresse voorgedra en was ook vyf jaar die vereniging se tesourier.

Sy SAVG-referate het gehandel oor produksietegnieke om inwendige bruinvlekkie te voorkom en die uitvoerkwaliteit van aartappels te verbeter, 'n verklaring vir die ontwik-

kelingsmeganisme van rooidood by katoen asook verskeie referate oor tabak en spanspek.

Op die afgelope kongres het hy Wes-Kaapse sandgrond se nitrifiseringspotensiaal bespreek. Die meeste van die sandgrond in die Sandveld en Koue Bokkeveld is mikrobiologies traag en kan dus nie ammonium-kunsmis vinnig genoeg vir intensiewe gewasproduksie na nitraat omskakel nie.

**Nic Combrink: Wes-Kaapse sandgrond is mikrobiologies traag vir intensiewe gewasproduksie**



**Birgit Ottermann** het gesels met Helmut Holzapfel, 'n liriese tenoor wat as operasanger presteer – én nimmereindigend veelsydig is

# OUDMATIC MAAK DEKADES AL NAAM IN EUROPA

**Dié gebore Paarliet se verbintenis met die Konservatorium kom 'n ver pad: sy 86-jarige ma was 'n student van prof Maria Fismer**

**H**elmut Holzapfel het as operasanger in die afgelope drie dekades naam gemaak en is reeds 23 jaar vas aangestel by die Staatsopera in Stuttgart, Duitsland.

Dié liriese tenoor het baie operarolle op sy kerfstoek – onder meer in Kaapstad waar hy voorverlede jaar in *Die verhale van Hoffmann* opgetree het.

Ná 'n honneursgraad op Stellenbosch, met George van der Spuy en Desiré Talbot as sangdosente, is hy in 1968 na Wenen waar hy diplomas in liedkuns en opera met lof behaal het, met die befaamde prof Erik Werba (liedinterpretasie) en sy vrou, Ady Werba (sangonderrig) as leermeesters.

Holzapfel se debuut was op 21 – in Kaapstad waar hy as Don Octavio in *Don Giovanni* vir 'n siek sanger moes instaan. Hy sing daarna in verskeie Kaapse produksies voordat hy Europa toe is.

Na sy studies in Wenen sing hy in Klagenfurt en Innsbruck se opeerahuise (waar veral baie operettes en musiekbluspele opgevoer is), asook Braunschweig en Nürnberg voordat hy in 1977 Stuttgart toe is – die begin van 'n lang gelukkige verbintenis.

## Moderne werke

Stuttgart het onder dr Wolfram Swinger veral baie moderne en nuwe werke opgevoer. 'n Hoogtepunt in Holzapfel se loopbaan was die Philip Glass trilogie: *Akhnaten* ('n opera in Egiptiese), *Satyagraha* ('n opera in 'n Indiese taal, met die subtitel *Gandhi in South Africa*) en *Einstein on the Beach*. 'n Sony-CD is gemaak van die Akhnaten-opvoering asook 'n CD van Bernd Alois Zimmermann se *Die Soldaten* waarmee dié geselskap ook na Pole getoer het.

Die huidige operadirekteur, Klaus Zehelein, het 'n heel nuwe rigting ingeslaan met groter klem



**Frieda en Helmut Holzapfel: 'n lang verbintenis met die Stellenbosse Konservatorium.**

op intellektuele teater. Holzapfel beskryf dié operahuis as "eksperimenteel-vriendelik" met deels baie interessante en oorspronklike nuwe produksies. Die musiektydskrif *Opernwelt* het Stuttgart voorverlede jaar as Operahuis van die Jaar aangewys – 'n prys waarvoor alle Duitse, Oostenrykse en Swizerse opera huise meeding.

Naas operaverpligte en die private sanglesse wat Holzapfel gee, is hy ook by baie ander projekte betrokke, soos gereelde kameroperas by die Weissen Horner Kammeroper in Ulm ("dis groot plesier om alles self te reël, kostuums te maak en die rolle in te studeer"). Hy sing ook in die Malinconia Ensemble (stem, viool, tjello en klavier) wat veral koncentreer op Duits-Baltiese musiek en na interessante plekke soos Riga (in Letland) en Talin (in Estland) toer.

Verder sing hy jaarliks in operaproduksies in die groot amfiteater by die Eutinfeespele (tussen Lübeck en Kiel in Noord-Duitsland) waar sy twee kinders, Natalie en Marcel, voorverlede jaar in *Carmen* se kinderkoor was.

Holzapfel doen ook baie oratoriumwerk, met *Die Johannesplassie* as geliefkoosde werk. Hy sing dikwels Bach kantates, ook onder die Stuttgartse Bach-guru Helmut Rilling se leiding. Holzapfel is nimmereindigend veelsydig. Hy was in die tagtigerjare 'n politieke verslaggewer vir die Afrikaanse radioprogram Monitor in Europa. In 1992 het hy sy doktorsgraad in musiek onder prof Reino Ottermann aan die US Konservatorium behaal, oor die Suid-Afrikaanse komponis S. le Roux Marais ("dié tydperk was beslis my sterkste intellektuele fase").

Holzapfel se verbintenis met die US Konservatorium kom al 'n ver pad. Sy 85-jarige ma, Frieda (gebore Kotzé, van die Paarl waar Helmut grootgeword het), het destyds by prof Maria Fismer sang gestudeer en ook die Konservatorium se stigers, proff Jannasch en Endler, geken. Sy het lisensiate in sang, klavier, orrel en viool behaal. **M**

**Die Staatsopera Stuttgart, waar Helmut reeds 23 jaar vas aangestel is, is voorverlede jaar as Operahuis van die Jaar aangewys – 'n prys waarvoor alle Duitse, Oostenrykse en Swizerse opera huise meeding**

# JEWELLERY DESIGN STUDENT A GLOBAL WINNER

Matieland jewellery design student

Renate

Kriegler was amongst the winners of Gold Virtuosi, the world's first global gold jewellery design competition.

Kriegler, a final-year student, is one of 30 winners selected from 3 000 entrants from 34 countries.

The competition, at the Vicenza Jewellery Fair in Italy, was sponsored by the world's biggest gold producer, South African-based AngloGold, the World Gold Council and the Vicenza Fair. It was the first competition of its kind to celebrate gold's versatility and encourage design excellence across international borders.

Kriegler's winning jewellery set, titled *Thando*, comprises a ring, pendant and bracelet made from 271 grams of 18ct gold. The matt gold pieces are hollow and are strung on a black rubber cord.

Kriegler took her inspiration from the natural geometry of nature and universal symbols. The combination of warm yellow gold and the futuristic coolness of black rubber are symbolic of Africa's renaissance.

"I had never worked with so much gold before. It was a luxurious and sensual experience," says Kriegler. "South African gold jewellery designers, professional and amateur, should enter contests

like this as it generates publicity for our world-class goldsmithing talents and provide the opportunity to work with large quantities of African gold."

The 30 winning jewellery suites will tour the world during the year, including a South African exhibition. ■

Renate Kriegler (below right) took her inspiration from the natural geometry of nature and universal symbols. Hollow matt gold pieces strung on a black rubber cord: Kriegler's winning jewellery set, titled *Thando*.

The ring, pendant and bracelet are made from 271 grams of 18ct gold.



## US Koor kry Lierstoekenning

**D**ie ATKV het 'n Lierstoekenning aan die US Koor, onder leiding van Sonja van der Walt, gedoen vir sy CD *Laat ons skyn vir Jesus*.

Die koor was die kategoriewinner in die afdeling vir die beste produksie: groepie.

André Howard, 'n sangdosent in die Departement Musiek, is by dié geleenthed aangewys as finalist in die kategorie: beste produksie deur 'n manlike kunstenaar.

Die ATKV se Lierstoekenings gaan jaarliks aan die beste bydraes tot lige Afrikaanse geestelike musiek. Dit is vanjaar die vierde keer toegeken.

Uit 59 inskrywings is 18 finale - drie in elk van die ses kategorieë - gekies. Die finale het by die Lierstoekenssaal in die

Johannesburgse Stadskouburg opgetree.

*Laat ons skyn vir Jesus* is 'n skepping van Niel Pauw, 'n orreldosent in die Departement Musiek. Dit is al in Mei verlede jaar bekend gestel. Die US Koor het Pauw se verwerkings Soos 'n hert in dorre streke en Heilige Jesus, Heer van die Here gesing.

Howard is begelei deur 'n ensemble bestaande uit Pauw (orrel), Amanda Goodburn (viool) en Magdalena Roux (tjello). Goodburn en Roux is ook aan die Departement Musiek verbonde. ■

Sonja van der Walt



## Matieland het met leedwese verneem dat dié Oudmaties onlangs oorlede is:

**P**rof AD (Albert) Beyers (44) van die Departement Mediese Fisiologie en Biochemie in die Fakulteit Geneeskunde; het MBChB aan die US behaal en 'n Nuffieldbeurs ontvang waarmee hy aan Oxford 'n doktorsgraad voltooi het; eerste SA navorser wat 'n navorsingsbeurs van die Wellcome Trust gekry het; internasionale leier op tuberkulose-immunologie en lid van Glaxo-Wellcome se "Action TB" navorsingspan; lid van gesin wat bande met die geneeskundefakulteit gehad het: sy ouers, prof André Beyers (radiologie) en Louwna Keet (pediatrie en kindergesondheid), was albei departementshoofde en sy suster, prof Nulda Beyers, is verbonde aan die Departement Pediatrie en Kindergesondheid en het as navorser met prof André Beyers saamgewerk.

**IJT (Lucien) Biebuyck** (97) van Newlands, Pretoria; BA 1922; oud-Wilgenhoffer, afgetreden direkteur van onderwys in Natal.

**Dr JT (Tromp) Botha** (85) van Stellenbosch; BA, SOD, MA, 1936-'46; oud-Dagbreker; het as hoof van Departement Engels in die opvoedkundefakulteit afgetree.

**Mev MH (Miemie) Cilliers** (geb De Villiers, 89) van Stellenbosch; BA, 1931; weduwee van prof AC Cilliers wat jare lank dosent in fisika en ook dekaan van natuurwetenskappe by die US was; hul twee seuns het albei aan die US in die regte gestudeer en baie prominent in die regswêreld geword: prof Andries Cilliers as regsdosent aan die UPE en Fanie Cilliers as senior advokaat in Johannesburg.

**Dr AD Deetlefs** (91) van Citrusdal, voorheen Theunissen; BSc in Landb., SOD 1929-'30.

**PJ de Jongh** (80) van Uitenhage; BSc, 1946.

**Mev Zenobia du Toit** (75) van Drieankerbaai, Kaapstad, waar haar man, wyle ds Piet du Toit, meer as 20 jaar NG predikant was. Sy het BA, HPOD, 1944, op Stellenbosch behaal; was o.m. voorsitter van Somerset Hospitaal se raad.

**Mev HW (Hester) Joubert** (geb. Marais, 80) van Tuine, Kaapstad; BSc 1939; was lank 'n redaksielid van *Die Burger*, later assistent van prof CFJ Muller by Naspers; vrou van mede-Oudmatie PA Joubert, 'n oudredakteur van *Die Huisgenoot*.

**Jacob van Niekerk Joubert** (81) van Jeffreysbaai; BSc, SOD 1940, '41; oud-Dagbreker en 1938-juniorbestuurslid; onderwyser te Fraserburg, Cradock en Port Elizabeth; later sakeman in Port Elizabeth en Kaapstad; tot 1958 bestuurder van landboukoöperasie, Beaufort-Wes; boer, onderwyser en skoolhoof op Patensie; boer daarna voltyds: tree in 1988 af op Jeffreysbaai; het reeds as skoolseun vir SWD senior rugby gespeel (1936) en as Matie vir WP (1941) asook later vir OP tot 1946.

**Prof Schalk Willem Krügel** (76) van Potchefstroom; BA, SOD 1945-'46; oudprimarius

van destydse Bergville koshuis; het 'n doktorsgraad aan St Andrews, Skotland, behaal; was verbonde aan Sanlam en vanaf 1972 aan die Potchefstroomse Universiteit.

**Prof HP Langenhoven** (78) van George; BA, SOD, MA, DPhil 1943-'57; boorling van Mosselbaai; was tot sy afrede 15 jaar aan UOVS verbonden, as professor en hoof van departement bedryfsielkunde asook dekaan.

**Dumaris (Doempie) Marren** (60) van Glenstantia, Pretoria; BSc BEng 1964; oud-Wilgenhoffer; lid van Universiteitskoor met Philip McLachlan as dirigent; 26 jaar in diens van SA Vervoerdienste (later Transnet).

**Izak F Mocke** (65) van Hermanus; BComm 1962; afgetreden hoof van Personeel (nou Menslike Hulpbronne) aan die US waar hy vanaf 1974 gewerk het; was voorheen verbonden aan 'n versekeringsmaatskappy se personeelafdeling.

**Prof Klaus Schwietering** (79) van Stellenbosch; afgetreden dosent in regsgelerheid; het LLB aan die US behaal nadat hy as Duitse burger wie se gesin op Swakopmund gewoon het, aan die einde van sy eerste jaar gedwing is om Suid-Afrika te verlaat, en eers na die einde van die Tweede Wêreldoorlog weer op Stellenbosch kon verder studeer; het ook aan Unisa gestudeer; was dosent aan die Potchefstroomse en Rhodes-universiteite voordat hy in 1955 aan die US aangestel is; was 'n voorste SA deliktereg-kenner; het ook oor die regsfilosofie asook patente- en outeursreg uitgebreide navorsing gedoen; onder sy oudstudente is o.m. verskeie regters, die rektor en visekanselier, prof Andreas van Wyk, die dekan van regsgelerheid, prof James Fourie, asook 'n aantal ander dosente van die US en ander universiteite.

**KA (Kennie) Sinclair** (66) van Jeffreysbaai; BA 1955; oud-Helderberger.

**JE ("Sarge") Swarts** (68) van Oudtshoorn; BA, 1955; oud-Helderberger; het as gewigopteller gepresteer en ook onlangs SA kleure in kragoptel verwerf; het lank skoolgehou by Hoërskool Windhoek waar hy gematrikuleer het; van 1963 tot sy afrede in 1984 offisier in die Weermah; onder meer stigersbevelvoerder van die Staatspresidentswag.

**CA Visser** (75) van Saxonwold, Johannesburg; BScEng 1946; oud-Dagbreker.

**Dr Jan P Wessels** (44) van Somerset-Wes; MB, ChB 1976; oudinwoner van Hippokrates.



**Prof GG (Gawie, Riel or "Klein-Gawie") Cillié** van Stellenbosch; BSc, MSc 1929; behaal aan Oxford 'n doktorsgraad in die astrofisika; studeer daarna twee jaar na-doktoraal aan Harvard; was 35 jaar US-dosent in wiskunde; maar veral bekend as musiekkenner – dirigent van die US Koor vir 15 jaar; Kweekskoolkoor se eerste dirigent; medestigter van die Sangfees; en lank orrelis.

Hy was 'n Renaissance-mens in 'n tyd van voortsnelende spesialisasie en die vernouing van kennisgebiede; 'n Universiteitsmens, veral van die US – ondanks sy sewe vrugbare jare as musiekdosent aan die UOVS (nadat hy na 36 jaar as wiskundeprofessor op Stellenbosch afgetree het) en sy enkele jeugjare as Wits- en Tukkiedosent asook sy studiejare oorsee.

Sy familie, lewe en werk was onlosmaaklik met Stellenbosch verstrengel. Sy broer, prof Piet Cillié, was stigterhoof van die US se joernalistiekdepartement; hul pa (prof GG Cillié sr) was die eerste rektor ('n nuwe posbenaming) nadat die Victoria Kollege in 1918 universiteitstatus verkry het.

GG Cillié jr. was ook dekaan van Natuurwetenskappe, en as voorsitter van die Uitvoerende Komitee van die Senaat was hy dus sekundus vir die rektor; het in die US-raad gedien (naas UPE en die UWK se rade) en was president van die US Konvokasie.

Sy loopbaan as student was briljant. Hy was waarskynlik die laaste lewende band tussen Suid-Afrika en Einstein, wat Cillié ontmoet het toe hy in Engeland gestudeer het. As dosent was sy gawes legendaries, veral weens sy ensiklopediese kennis rakende wiskunde en sterrekunde.

En wie sal hom as mens vergeet? Netjies, regop, kordaat. Altijd beleefd, ouwêreldskorrekt, maar hartelik en vriendelik teenoor almal. En veral sy persoonlike gawe om mense te inspireer; hulle met sy eie geesdrif aan te steek; sy wysheid op 'n nie-opvallende manier aan jongmense oor te dra.



**Mev MJ (Maria) Thom** (geb. Du Toit, 93) van die Strand; HPOD, 1928; oud-Monicaner; weduwee van prof HB Thom wat gedurende 1954-'69 die US-rektor was en met sy dood in 1983 die Kanselier was.

**Weet jy van 'n Oudmatie wat onlangs oorlede is? Stuur asseblief kort besonderhede (die oorledene se voorletters, naamnaam en van, ouderdom, geboortedatum en/of studentenommer, kursusse, loopbaan, ens. soos op dié bladsy) aan die adresse of faksnommer op bl. 1.**

Daar's 'n leemte in die opleiding van gespesialiseerde sportsielkundiges in Suid-Afrika.

**Shireen Adams** het met prof Justus Potgieter gesels

# U.S. DOSENT WORD LAND SE EERSTE OLIMPIESE SPORTSIELKUNDIGE

**Dis g'n vakansie nie. Baie buitelandse sportsielkundiges was ná die vorige Spele uitgebrand weens werkdruck**


**P**rof Justus Potgieter se benoeming as die eerste sportsielkundige nog vir die SA Olimpiiese span is 'n deurbraak vir dié vakrigting.

Potgieter, 'n dosent in Menslike Bewegingskunde, het einde Augustus vir die Spele Sydney toe vertrek. Hy is verheug oor dié wonderlike gleentheid. "My taak is 'n belangrike stap vir my vakgebied – maar dis ook 'n geweldige uitdaging."

Dit is sonder twyfel een van die hoogtepunte van sy akademiese loopbaan, het hy met geesdrif vertel van sy opgewondenheid toe hy deur Noksa (die Nasionale Olimpiiese Komitee) se president, Sam Ramsamy, benoem is as die eerste sportsielkundige vir 'n SA span Olimpiiese Spele toe.

"Dit gaan beslis nie 'n vakansie vir my wees nie. Ek was in verbinding met my oorsese kollegas wat vertel het dat baie van hulle weens werkdruck ná die vorige Spele uitgebrand teruggegaan het huis toe."

Volgens Potgieter is daar sedert sowat tien jaar geleden al groter klem op sportsielkunde by groot byeenkomste. "Waar dit by vanjaar se



**Justus Potgieter, eerste sport-sielkundige vir 'n SA Olimpiiese span. Sedert tien jaar geleden word sport-sielkunde by groot byeenkomste al belangriker.**

© ANTON JORDAN

**Die US het Suid-Afrika se eerste kursus in sportsielkunde in die laat sestigerjare onder rugbyguru prof Danie Craven se leiding ingestel**

Spele 'n eerste vir Suid-Afrika is, het lande soos Brittanje en Australië reeds vir 'n geruime tyd sportsielkundiges as deel van die mediese span wat die atlete vergesel.

Potgieter was betrokke by die sielkundige voorbereiding van die voorlopige span tydens twee oefenkampe wat vroeër vanjaar in Kaapstad en Durban gehou is, asook by die finale kamp in Johannesburg net voor die span vertrek het.

"Ek wil by die Spele klem lê op vrywillige konsultasie met die atlete. Ek gaan so veel as

moontlik met hulle meng sodat hulle die vrymoedigheid sal hê om vir konsultasie te kom," het hy gesê.

Met sy insluiting as sportsielkundige beteken dit dat daar naas die dokter en fisioterapeut nog 'n plek in die ondersteuningspan afgestaan moes word.

Volgens Potgieter is daar 'n leemte in die opleiding van gespesialiseerde sportsielkundiges in Suid-Afrika.

Hy was sowat 'n maand gelede op 'n studiebesoek in Australië waar hy by verskeie inrigtings ondersoek ingestel het oor hoe sportsielkunde daar bedryf word. Dié besoek was deel van 'n sportsielkunde-projek (geborg deur Eerste Nasionale Bank) in die Universiteit se sportinstituut.

Die US het Suid-Afrika se eerste kursus in sportsielkunde in die laat sestigerjare onder rugbyguru prof Danie Craven se leiding ingestel. "Dok" Craven, destyds hoof van Liggaamlike Opvoedkunde (nou Menslike Bewegingskunde) het naas 'n eregraad wat aan hom verleen is, drie doktorsgrade behaal – onder andere een in sielkunde. ■

## Sportklere - Matiekleres volg die mode

**D**ie Universiteit se sportklere is herontwerp om by die modenyeings aan te sluit. Die nuwe klere is ook funksioneel – die aktiwiteite waarvoor dit gebruik word én die klimaat is in ag geneem.

Dié volle reeks nuwe klere is ook vir alle Oudmaties en Matie-ondersteuners van oor die hele land beskikbaar by De Jagers Uitrusters, op die hoek van Bird- en Dorpstraat, Stellenbosch - wat reeds die afgelope 45 jaar 'n klereverskaffer op dié dorp is.

■ Kontak gerus vir Wessel Olivier by (021) 886 5168.



**Bekende Matie sportmanne wat die klere hier vertoon, is van links: Ryno van der Merwe, Pietie Ferreira, Chean Roux en Chris Rossouw.**

M

Sedert 1880 het Stellenbosch en rugby sinoniem geword. Rugby het die Universiteit se naam na baie lande toe uitgedra

# MAROENTRUIE VIER 120 JAAR VAN ROEM

**Douglas Davis skryf oor die Maties se rugbyklub, wat 'n onuitwisbare stempel afgedruk het: in die WP, Suid-Afrika én internasionaal**

**D**ie grootste rugbyklub ter wêreld, wat jare al hier en oorsee deur vele as SA rugby se belangrikste voedbron gereken word, is vanjaar 120 jaar oud.

En sy lede speel steeds die soort rugby wat toeskouers oraloor laat opspring en juig wat die gewildheid van die spel laat gedy en wat vanselfsprekend vir die Universiteit 'n onmeetbare en uiters suksesvolle bemarkingsmiddel is.

Die Maties se rugbyklub het op die oomblik meer as 1 300 lede – daar is agt klubspanne en 50 koshuisspanne.

Die klub is ook een van die oudstes in die land en het reeds 156 Springbokke opgelever – die eerste een was Japie Louw in 1891 en die jongste toevoeging is Louis Koen wat vanjaar 'n draer van die groen en goud geword het. Onder die 156 was daar ook 15 Springbokkapteins en 12 Sewes Springbokke.

Die klub se eerste Springbok kaptein was Paul Roos in 1906 en die 15de Corné Krige in 1999. Die eerste Sewes Springbok uit Matie geledere was Dion O'Cinneagain (in 1995) – hy het Ierland ook verlede jaar tydens die Wêreldbeker toernooi in Brittanje aangevoer. Die 12de Sewes Springbok was Edrich Fredericks, wat verlede jaar saam met Herman Mostert, Wayne Munn en Eben Verster sy kleure ontvang het.

Die Matie se Rugbyvoetbalklub het sy ontstaan in 1880 as die Stellenbosch Athletic Club gehad. Dit was 'n liggaaam waarin rugby saam met alle ander sportsoorte verenig is. Van net 'n kaptein en 'n sekretaris het die rugbykomitee tot 'n selfstandige klub gegroei. Nadat Stellenbosch in 1918 universiteitstatus verwerf het, het die klub as die Rugbyvoetbalklub van Stellenbosch bekend geword.

Vandag het dié klub – met sy hoofkwartier in die imposante Danie Craven stadion en klubkantoor in die geskiedkundige Jannie Marais huis op Coetzenburg – 'n heeltydse personeel om al sy bedrywighede te koördineer en ook 12 klubafrigters, 35 koshuisafrigters en 'n komitee

**"...a mystique influence that affects rugby players when they become permeated by the atmosphere in Matieland. ...a sense of inspiration when a player pulls on that maroon jersey"**

van 45 skeidsregters wat help om die jaarlikse sowat 430 koshuiswedstryde te hanteer.

In die 120 jaar wat agter die rug is, het die naam Stellenbosch en rugby sinoniem geword en is die naam van die Alma Mater na vele lande uitgedra.

Nie net spelers nie, maar ook tientalle administrateurs, afrigters en skeidsregters het hulself deur die jare verdienstelik gemaak en gehelp om die tradisie van Matie rugby te koester en uit te bou. So kon Stellenbosch sy onuitwisbare stempel op Westelike Provincie, Suid-Afrikaanse en

internasionale rugby afdruk.

Hier moet die bydrae vanveral twee manne spesifiek gemeld word: August Frederick Markötter, ofte wel Oubaas Mark, en Daniël Hartman Craven, ofte wel Dok Craven. Albei legendas in hulle eie leeftyd, albei uiters geliefd en hoog geag in die rugbyspelende lande van die wêreld.

Oubaas Mark het in die eerste helfte van die vorige eeu die grondslag gelê vir die trots geskiedenis van die Matie rugbyklub. Hy was 'n absolute kenner van die spel en seer sekerlik die grootste ontdekker van Springbokke in die geskiedenis – hy kon hulle soos 'n bloedhond uitruik!

As afrigter en motiveerde het hy nie sy gelyke gehad nie en sy Stellenbosch spanne was vir hom die begin en die einde. By meer as een geleent-



**Oubaas Mark: Hy het ook sy stempel op die evolusie van rugby afgedruk. Voor 1928 het die 3-4-1 skrumformasie wat deesdae oral gebruik word, nie bestaan nie. Dok Craven: Mense het aanvanklik gelag toe hy op Stellenbosch die eerste afrigter ter wêreld was wat met opwarmingsoefeninge begin het!**

**Drie steunpilare van die Matie Rugbyvoetbalklub (vlnr) Jannie Engelbrecht, bekende oud-Springbok en nou president van die klub, Chean Roux, huidige kaptein wat die Maroentruie ook vanjaar in hulle skitter-oorwinning in die eindstryd om die Supersport Nasionale Klubkampioenskap teen Tukkies aangevoer het, en Ian Kirkpatrick (Oom Kirkie), bekende oud-Springbok wat nou die klub se hoofafrigter is.**



heid het hy gesê: "Stellenbosch always first, South Africa but second and Western Province a damn poor third!"

Oubaas Mark het ook sy stempel op die ewolusie van die spel afgedruk. Die 3-4-1 skrumformasie wat vandag oral in gebruik is, het voor 1928 nie bestaan nie. Oubaas Mark het dit geskep en sy 'maaksel' het so skitterend gewerk dat alle rugbyspelende lande dit aanvaar het. Ook die gespesialiseerde agtsteman was sy skeping. Sy man destyds vir dié taak was die Kweekskool student, André McDonald, en op die Springbokke se toer in 1931 in Brittanje was hy so 'n reuse-sukses dat die agtsteman die spel betree het om te bly.

Dok Craven, wat sy rugby aan die voete van Oubaas Mark geleer het, het daarop voortgebou. Sy aandeel aan die groei en ontwikkeling van Maties rugby oor 'n tydperk van meer as 60 jaar was onmeetbaar.

As rugbysfrigter van wêreldformaat, rugby administrator, reëlmaker van die spel en skrywer oor rugby, word hy so bekend en gerespekteer dat hy in al wat rugbyspelende land bekend staan as "Mr Rugby." Selfs agter die Ystergordyn (Sowjet Rusland) van destyds is daar soveel agting vir sy kennis van die spel dat van sy rugbyboeke – hy het meer as enigmant anders geskryf – as handboeke vir rugby gebruik word.

Van 1956 tot met sy dood in 1992 het hy as president van die SA Rugbyraad die land se rugby meesterlik gehanteer en dien hy ook verskeie kere as voorsitter van die hoogste rugbyliggaam, die Internasionale Rugbyraad. Dat SA in die isolasiejare nog soveel toere gehad het, was uitsluitlik aan die haas ongelooflike wêreldstuur wat Dok Craven geniet het, te danke.

Koshuisrugby, soos die Maties dit vandag ervaar, is deur Dok ingevoer en hy was ook die eerste afrigter wat met opwarmingsoefeninge op Stellenbosch begin het! Aanvanklik was daar mense wat daaroor gelag het, maar weldra het almal dit aanvaar en vandag is dit wêreldwyd 'n gebruik onder rugbyspelers.

Boekdele kan oor Maties rugby geskryf word, maar miskien moet die laaste woord daaroor hier gelaat word vir "AC" Parker, in lewe seker die voorste en bekendste rugbyskrywer in SA en baie jare 'n groot vriend en bewonderaar van Stellenbosch – wat dit op 'n keer so gestel het:

"It is sometimes said that expert coaching is the biggest single factor in the success story of the Mighty Maties. Certainly it has been important, but I venture to say that it is something more than that. It is, I believe, a mystique influence that affects rugby players when they become permeated by the atmosphere in Matieland. Call it tradition if you like ... a sense of inspiration when a player pulls on that maroon jersey. Whatever it is, the fame of Stellenbosch rugby has spread far beyond the borders of South Africa."

Koshuisrugby! Daar's sowat 50 koshuisspanne, en dis burgeroorlog as koshuisrugby in volle gang is. Hier word spelers gesif vir hoër louere in die Maties se agt klubspanne

# MATIERUGBY BLY WENRUGBY

**Wat 'n wedstryd. Sjampanjerugby. Met hul berekende en blitsige balverspreiding, hul onvoorspelbaarheid, waagmoed en vernuftigheid het die jong manne in maroen die toeskouers in verwoering gehad. Deur Douglas Davis**



**Bo links: Werner Greeff, senter van die Maroentruie, op volle vaart doellyn toe. Dié blitsige Matiesenter speel ook gereeld vir die WP. Bo regs: Nicolaas Alberts, 'n gewese Blou Bul wat ook in die Super 12 reeks gespeel het, in aksie in die Maroentruie. Hy het ook twee seisoene in lerland rugby gespeel.**

**N**a 120 jaar skyn die son vir Matierugby steeds hoog.

Waar die nasionale span byvoorbeeld teen middel Augustus vanjaar reeds vier agtereenvolgende neerlae gely en die SA o.21 en o.19 spanne in die betrokke wêreldtoernooie die kous ook deeglik oor die kop gekry het, gedy rugby in Matieland.

Die Maroentruie (1ste span) het enkele weke geleden die derde keer in vier jaar die M-Net Supersport Nasionale Klubspan titel ingepalm toe hy 'n sterbelaaide Tukkie span, met vier Springbokke en agt Noord-Transvaliese spelers in sy geledere, in die eindstryd die loef afgesteek het – en dit nogal in Pretoria.

Wat 'n wedstryd was dit nie; sjampanjerugby soos wat lanklaas op Minolta Loftus gesien is. Die jong manne in maroen het die toeskouers in verwoering gehad met hulle berekende en blitsige balverspreiding – en hulle onvoorspelbaarheid, waagmoed en vernuftigheid het ook telkens waarderende applaus uitgelok.

'n Gesoute Pretoriase koerantman wat al baie jare oor rugby verslag doen, Johan Volschenk, het

in sy berig oor die wedstryd in Rapport geskryf: "Die Maties se voortrefflike en aantreklike spel het 'n mens laat wonder waarom ander spanne in Suid-Afrika nie ook so kan speel nie."

Die Maroentruie het die nasionale klubkampioenskapstitel sedert 1975 – toe daar die eerste keer daarom meegeding is – reeds agt keer verower en dit ondanks die feit dat hulle 14 jaar nie in dié reeks gespeel het nie.

Op Stellenbosch is rugby gewis steeds gesond en lewendig, en die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub speel wenrugby en nie "catch up" rugby nie.

Groot rugbynname werk nou saam en offer veel op om die Matie rugbyklub te maak wat hy is: een van die bestes in die land. Oud-Springbok Jannie Engelbrecht is president van die klub en nog 'n gewese draer van die groen en goud, wat ook vir etlike provinsies insluitende Griekwas en die eertydse Transvaal gespeel het, Ian Kirkpatrick, is die klub se hoofafrigter.

Belius Potgieter, direkteur van Sport by Maties, sê die rugbymense het groot lof vir Kirkpatrick se vermoë as afrigter. "Oom Kirkie, soos ons hom almal noem, is al vyf jaar hier by ons afrigter en ►

► sy rekord is indrukwekkend. Hy glo aan die 'kyk en speel' beginsel in afrigting. Die speler is nie soos 'n vooraf geprogrammeerde robot op die veld nie, die initiatief is by hom. Hy moet kan waarmee en weet wanneer om te hardloop of wanneer om te skop. Die speler moet die dinkwerk doen," verduidelik Potgieter.

En, voeg hy met 'n vonkel lin die oog by: "As 'n mens so kyk na die turbulensie rondom wat in onlangse dae met die Springbokke gebeur het, wat, terloops na my mening al die elemente van 'n ware Amerikaanse TV-sepie het, dan is dit jammer oom Kirkie is al 70!" (Kirkpatrick het in Augustus sy 70ste verjaarsdag gevier).

Potgieter vervolg: "n Groot deel van die Maties se konstante rugbykrag deur die jare is die sterk koshuisbasis waarop dit rus. Koshuisrugby hier aan die voet van die Pieke langs die Eersterivier dwing wyd en ver agting af. Dis burgeroorlog wanneer dit in volle gang is, maar dis waar spelers gesif word vir hoër louere in ons agt klubspanne. Ons het sowat 50 koshuisspanne."

### **"As jy kyk waar Maties oral speel, staan 'n mens verwonderd oor die invloed en impak van Matierugby op alle vlakke"**

Potgieter sê een van die moeilikste take vir die rugbyklub is om deurentyd te kan verseker dat die beste rugbyletalent onder spelers van koshuise uitgeken en onder afrigters se aandag gebring word.

Om dié rede, sê hy, woon 'n sogenaamde raadgewende keurkomitee die koshuiskramgatings by en elke Vrydag word merietekoshuisspanne gekies. Spelers wat in dié spanne ingesluit word, moet weekliks by kluboefeninge aanmeld om sodende vir die klub se spanne in aanmerking te kom.

Die sukses van Matie koshuisspanne in die tweede liga van die Westelike Provinsie se Super A-kompetisie verlede jaar is bewys van die diepte van Stellenbosch se koshuisspanne. Vir talle WP klubs was dit maar bra moeilik om te aanvaar dat hulle tweede spanne teen koshuisspanne van die Maties verloor het.

Trouens, min klubs in die WP kry die Maties onder. Verlede jaar – soos in vele jare in die verlede – het Maties al die WP ligas waarvoor hy spanne ingeskryf het, gewen.

Soos klubpresident Jannie Engelbrecht dit stel: "As jy kyk waar Maties oral speel, staan 'n mens verwonderd oor die invloed en impak van Matierugby op alle vlakke. Alle eer aan ons afrigters wat seker maak dat die Matie-fabriek steeds onbelemmerd voortstoem en top rugbytalent produseer."

Die professor van syfers wat in 33 jaar sowat 160 000 km gedraf het

## **VETERAAN KRY COMRADES SE EERSTE SPESIALE MEDALJE**

**'Die kamaraderie en gees onder die atlete maak dit makliker as dinge bietjie moeilik gaan en die moegheid begin intree'**

**S**tatistiekdosent prof Caspar Greeff (65) het met sy 27ste Comrades marathon 'n nuwe medalje gewen wat na die eerste Comrades wenner van 1921 vernoem is.

Greeff het die wedloop vanjaar in 8 uur en 24 minute voltooi en die nuwe Rowan medalje gekry. Dit is ingestel vir veterane (atlete ouer as 60) wat die Comrades tussen sewe en 'n half en nege uur voltooi.

Die medalje is vernoem na Bill Rowan, wat die eerste Comrades in 1921 gewen het. Slegs 34 atlete het toe weggespring en net 16 het dit voltooi.

Greeff hardloop reeds vir die afgelope 33 jaar en het in dié tyd 'n verstommende sowat 160 000 km afgelê. Hy het in sy 27 Comrades wedlope 18 silwer, agt brons en nou die spesiale Rowan medalje verower.

"Ek het vroeër jare gereeld gestap. Toe ek egter na die destydse Transvaal verhuis, was daar weinig berge waar ek hierdie liefde kon voortsit. Ek het toe begin om te draf," sê hy.


Vir hom is 'n groot aantrekkingkrag van die Comrades marathon beslis die ongelooflike gees wat daar onder die atlete heers. "As jy jaar na jaar aan die wedloop deelneem, word fantastiese vriendskapsbande met atlete gesmee. Dit is die kamaraderie en gees wat dit makliker maak as dinge bietjie moeilik gaan en die moegheid begin intree."

Greeff verkieks die op-wedloop van Durban na Pietermaritzburg. "Jy hardloop beter tye in die op-wedloop. Met die af-wedloop is jy geneig om baie seer te kry omdat daar lang afdraandes is wanneer jou liggaamsgewig swaarder op jou bene en heupe is," het hy gesê.

Greeff vertel dat die wedloop deur die jare baie verander het. "Nie net het die aantal deelnemers sedert ek begin deelneem het van 800 na sowat 24 500 aangegroei nie, maar die geldpryse het ook aansienlik toegenem."

Hy sê dis die Oos-Europese atlete wat deesdae veral die Comrades oorheers. "Waar die wentye deesdae al hoe vinniger word, word my tye al hoe stadiger," skerts hy.

Na vanjaar se Comrades het hy



**Caspar Greeff: 18 silwer, agt brons én die spesiale Rowan medalje in 27 Comrades marathonwedlope.**

vir omrent 'n week gerus, maar toe weer begin oefen vir die Londen na Brighton wedloop oor 88 km in Brittanje wat hy in Oktober aanpak. "Dit sal my eerste oorsese wedloop wees en ek sien baie uit daarna."

Greeff weet nie vir hoe lank hy nog sal hardloop nie. "My gesondheid en fiksheid sal dit bepaal. Ek wil tog nog so drie Comrades marathons voltooi omdat 'n ronde 30 bietjie beter klink en lyk as 27."

Vir 'n professor in Statistiek móét die syfers ook saak maak! – Shireen Adams

**In die 27 jaar wat hy aan die Comrades deelneem, het dit baie verander. Die deelnemers het van 800 na sowat 24 500 aangegroei. En die geldpryse het ook aansienlik toegeneem**



# 3 maande verniet toegang tot die **internet**

- Blitzvinnige Internet-toegang teen plaaslike oprooptariewe in 94 streke regoor SA
- 5 e-posadresse, een posbus
- e-pos kennisgewing aan selfoon
- 24-uur hulptoornbank
- Oudio- en Videokonferensie-fasiliteteite
- Die jongste nuus, vermaak en speletjies

**Skakel: 0800 00 5656**

[www.worldonline.co.za](http://www.worldonline.co.za)

\*Voorsien eenvoudig jou bankbesonderhede wanneer jy inteken.

wanneer jy by  
World Online  
aansluit teen  
slegs R95-00  
per maand vir  
12 maande\*

**World Online**

Die Internet Kommunikasie Maatskappy

*Freedom of movement*

 **vodacom** groep



# Kry die kredietkaart met al die regte kwalifikasies.

Wanneer jy jou Absa Universiteit MasterCard kredietkaart gebruik, dra jy by tot die opvoeding van die nasie. Want dan maak Absa 'n skenking aan jou universiteit sonder dat dit jou iets kos. Internasionaal aanvaar, gratis reisversekering en tot 55 dae rentevrye krediet – 'n verstandige keuse.



Doen vandag nog aansoek by enige Absa tak, skakel  
0860 40 50 60 of besoek [www.absa.co.za](http://www.absa.co.za).

 **ABSA**  
Vandag Môre Altyd Saam